



# Die rol en belang van suikerbelasting in Suid-Afrika

---

deur

**BIANCA POTGIETER**

Skripsi ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad

LLM in Handelsreg

Aan die Fakulteit Regsgeleerdheid  
van die Universiteit van Pretoria

2017/08/30

Studieleier: DR C Fritz

## VERKLARING

---

Ek, Bianca Potgieter, verklaar hiermee dat die skripsie getiteld "Die rol en belang van suikerbelasting in Suid-Afrika", wat ek hiermee ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die LLM-graad in Handelsreg indien, my eie oorspronklike werk is, dat geen plagiaat daarin gepleeg is nie en dat dit nog nie by enige ander universiteit of deur enige ander persoon ingedien is nie.

---

Bianca Potgieter

Augustus 2017

## OPSOMMING

---

Die voormalige minister van finansies het in sy begrotingstoespraak in 2016 vermeld dat suikerbelasting vanaf 1 April 2017 in Suid-Afrika in werking gaan tree. Die tesourie se rede vir die implementering van suikerbelasting is om, in samewerking met die Departement van Gesondheid, die gesondheidsprobleme wat deur suiker veroorsaak word te verminder.

Dit is niks nuuts om fiskale maatstawwe te gebruik om beide belasting in te vorder en gesondheidsprobleme te voorkom nie, maar dit was nog nie moontlik om tot 'n definitiewe gevolgtrekking te kom oor die impak van suikerbelasting op die verbruik van suikerversoete drankies en die voorkoms van vetsug nie. Die rede hiervoor is dat daar bewyse is dat die implementering van voedselbelasting in verskillende lande verskillende resultate getoon het in terme van openbare gesondheidskwessies en belastingvoordele.

In Suid-Afrika kan die implementering van suikerbelasting óf die voorkoms van vetsug verminder en sodoende die ekonomie bevoordeel óf die implementering daarvan kan die ekonomie negatief beïnvloed. Indien die tesourie nie suikerbelasting implementeer nie kan die ekonomie as gevolg van die voorkoms van vetsug negatief beïnvloed word.

Die kern van hierdie skripsié handel oor die gevolge van nieoordraagbare siektes en suikerbelasting op die Suid-Afrikaanse ekonomie. Daar word spesifiek gefokus op hoe suikerbelasting internasionaal geïmplementeer word en hoe Suid-Afrika beoog om suikerbelasting te implementeer.

**Sleutelwoorde:** Niealkoholieke drankie industrie; Sondebelasting; Suikerbelasting; Suikerversoete drankies; Vetsug.

## ABSTRACT

---

The former finance minister stated in his budget speech in 2016 that sugar tax would come into force in South Africa from 1 April 2017. The treasury's reason for implementing sugar taxation is to reduce the health problems caused by sugar.

It is nothing new to use fiscal measures to recover both taxes and to prevent health problems but it was not yet possible to reach a definite conclusion about the impact of sugar tax on the consumption of sugary drinks and the prevalence of obesity. The reason for this is that there is evidence that the implementation of food tax in different countries has shown different results in terms of public health issues and tax benefits.

In South Africa, the implementation of sugar tax can either reduce the prevalence of obesity and thereby have a positive effect on the economy or its implementation may adversely affect the economy. If treasury does not implement sugar tax the economy can also be adversely affected by the prevalence of obesity.

This dissertation deals with the effects of non-communicable diseases and sugar tax on the South African economy. The focus is on how sugar tax is being implemented internationally and how South Africa intends to implement sugar tax.

**Keywords:** Non-alcoholic beverage industry; Obesity; Sin tax; Sugar tax; Sugar sweetened beverages.

# INHOUDSOPGawe

---

## **HOOFTUK 1: INLEIDING.....1**

1.1 Agtergrond .....	1
1.2 Navorsingsvraag.....	2
1.3 Probleemstelling .....	2
1.4 Metodologie .....	3
1.5 Struktuur van die skripsie.....	4

## **HOOFTUK 2: DIE GESONDHEIDSProBLEME WAT SUIKER VEROORSAAK.5**

2.1 Inleiding .....	5
2.2 Vetsug .....	5
2.2.1 Wat is vetsug?.....	5
2.2.2 Wat is die gevolge van vetsug?.....	6
2.3 Wat is die ekonomiese gevolge van vetsug?.....	7
2.4 Die voorkoms van vetsug in Suid-Afrika .....	9
2.5 Hoe kan die voorkoms van vetsug verminder word? .....	11

## **HOOFTUK 3: DIE IMPLEMENTERING VAN SUIKERBELASTING IN SUID-AFRIKA .....**14

3.1 Inleiding .....	14
3.2 Hoe gaan Suid-Afrika suikerbelasting implementeer? .....	15
3.2.1 Sondebelasting .....	15
3.2.2 Op watter produkte is suikerbelasting van toepassing?.....	16
3.2.2.1 Free sugars .....	16
3.2.2.2 Die voordele van belasting op suikerversoete drankies .....	18
3.3 Ander oplossings wat Suid-Afrika beoog.....	19
3.4 Gevolgtrekking .....	20

## **HOOFTUK 4: DIE INTERNASIONALE IMPLEMENTERING VAN SUIKERBELASTING.....21**

4.1 Inleiding .....	21
4.2 Mexiko .....	21
4.2.1 Agtergrond.....	21
4.2.2 Die implementering van suikerbelasting .....	22
4.2.3 Gevolge van die implementering van suikerbelasting.....	22
4.3 Denemarke .....	23
4.3.1 Agtergrond.....	23
4.3.2 Die implementering van suikerbelasting .....	24
4.3.3 Gevolge van die implementering van suikerbelasting.....	24
4.4 Frankryk .....	26
4.4.1 Agtergrond.....	26
4.4.2 Die implementering van suikerbelasting .....	26
4.4.3 Gevolge van die implementering van suikerbelasting.....	27
4.5 Gevolgtrekking .....	27

## **HOOFTUK 5: PROBLEEM MET DIE IMPLEMENTERING VAN SUIKERBELASTING.....29**

5.1 Inleiding .....	29
5.2 Internasionale ervaring met voedselbelasting .....	29
5.3 Die implementering van suikerbelasting in Suid-Afrika .....	30
5.3.1 Die Suid-Afrikaanse suikerindustrie .....	31
5.3.2 Die Suid-Afrikaanse niealkoholiese drankie-industrie .....	32
5.4 Ander kritiek teen die implementering van suikerbelasting .....	34
5.4.1 Regressie .....	34
5.4.2 Die effek wat suikerbelasting het op die dieet van individue .....	35
5.4.3 Werksverliese .....	38
5.5 Die ekonomiese effek .....	38
5.6 Ander oplossings as suikerbelasting wat aanbeveel word .....	40

5.7 Suikerbelasting in 2017 .....	41
5.8 Gevolgtrekking .....	41
<b>HOOFTUK 6: SLOT .....</b>	<b>43</b>
<b>BIBLIOGRAFIE .....</b>	<b>47</b>

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

---

### 1.1 Agtergrond

In Suid-Afrika is die produksie van voedsame voedsel teen 'n bekostigbare prys noodsaaklik omdat die meeste Suid-Afrikaners arm is.<sup>1</sup> Die kos wat individue eet en die gehalte daarvan het van die belangrikste onderwerpe in die moderne samelewing geword.<sup>2</sup> Die verhoogde beskikbaarheid van kitskos het die gevolg dat geprosesseerde voedsel met lae voedingstowwe goedkoper is as vars, gesonde kos.<sup>3</sup> Weens hierdie rede het die gebruik van suikerprodukte sedert 2013 drasties toegeneem.<sup>4</sup>

Die Wêreldgesondheidsorganisasie<sup>5</sup> beveel aan dat volwassenes net ses teelepels suiker per dag inneem, maar een 330-ml-suikerversoete drankie bevat agt teelepels suiker, wat hierdie perk oorskry.<sup>6</sup> 'n Hoë inname van suikerprodukte veroorsaak hartkwale, kanker, diabetes, vetsug en ander siektes.<sup>7</sup> Hierdie gesondheidsprobleme staan as "nieoordraagbare" siektes bekend.<sup>8</sup> Nieoordraagbare siektes het grootskaalse sterftes tot gevolg en plaas ernstige finansiële stremming op die Suid-Afrikaanse ekonomie deurdat die algehele produktiwiteit van die land afneem weens voortydige dood en/of gestremdheid van individue gedurende hul produktiewe jare.<sup>9</sup>

---

<sup>1</sup> Nieuwoudt en Nieuwoudt "Privatising agricultural R&D, an example from the South African sugar industry" 2014 *Agrekon* 228.

<sup>2</sup> Naidoo en Sheiham "Sugar leaves a bitter taste" 2014 *SADJ* 346.

<sup>3</sup> Drimie en Pareire *Advances in Food Security and Sustainability* (2016) 2.

<sup>4</sup> Naidoo en Sheiham "Sugar leaves a bitter taste" 2014 *SADJ* 346.

<sup>5</sup> Die Wêreldgesondheidsorganisasie (hierna WGO) het kantore in meer as 150 lande en werk saam met regerings om die hoogste bereikbare vlak van gesondheid vir individue te bereik, WHO *Who we are, what we do* 2017 <http://www.who.int/about/en/>.

<sup>6</sup> Anon "Sugar taxes your health more than your pocket" 2016 *Frontshop* 7.

<sup>7</sup> Retief "Sugar tax: Essential for South Africa's health?" 2015 *Moneyweb's Tax Breaks* 6.

<sup>8</sup> Hierdie siektes het vier tipes risikogedrag in gemeen, wat 'n ongesonde dieet, alkohol- en tabakkmisbruik en 'n gebrek aan fisiese aktiwiteit insluit. WHO *Global Action Plan for the Prevention and Control of Noncommunicable Diseases* (2013) 7.

<sup>9</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 4.

Om hierdie probleem die hoof te bied beveel die WGO<sup>10</sup> aan dat individue hul inname van suiker oor hul lewensduur moet verminder en stel voor dat volwassenes en kinders se inname van suiker 10% minder moet wees as hul algehele energie-inname daagliks. Die voormalige minister van finansies het in sy begrotingstoespraak in Februarie 2016 vermeld dat suikerbelasting vanaf 1 April 2017 in Suid-Afrika in werking gaan tree.<sup>11</sup> Die tesourie<sup>12</sup> se rede vir die implementering van suikerbelasting is om, in samewerking met die Departement van Gesondheid, die gesondheidsprobleme wat deur suiker veroorsaak word te verminder.

## **1.2 Navorsingsvraag**

Hierdie skripsie gaan die volgende vraag beantwoord: Is die ekonomiese verlies wat Suid-Afrika weens suikerbelasting ly meer of minder drasties as die verlies wat die ekonomie ly weens die voortydige sterftes van individue as gevolg van nieoordraagbare siektes? Om hierdie vraag te beantwoord moet daar vasgestel word wat die implementering van suikerbelasting in Suid-Afrika sal behels. Oorweging moet ook geskenk word aan hoe suikerbelasting internasionaal geïmplementeer word.

## **1.3 Probleemstelling**

Dit is niks nuuts om fiskale maatstawwe te gebruik om beide belasting in te vorder en gesondheidsprobleme te voorkom nie.<sup>13</sup> Lande soos Frankryk, Mexiko en Denemarke implementeer reeds suikerbelasting en die Verenigde Koninkryk en Australië beplan om dit in die toekoms te implementeer.<sup>14</sup> 'n Studie het getoon dat die verkope van suikerversoete drankies in Mexiko in 2014 met 6% gedaal het weens suikerbelasting en dat die verkope van gebottelde water terselfdertyd met 4% gestyg het.<sup>15</sup> Suikerbelasting het tot dusvâr positiewe resultate in Mexiko getoon omdat die land in die proses is om sy beoogde doel te bereik om die voorkoms van vetsug te verminder. Denemarke het egter nie dieselfde ervaring met die implementering van

---

<sup>10</sup> WHO *Guideline: Sugar Intake for Adults and Children* (2015) 16.

<sup>11</sup> National Treasury *Pravin Gordhan Minister of Finance Budget Speech* 2016 16.

<sup>12</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 2.

<sup>13</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 9.

<sup>14</sup> National Treasury *Proposed Taxation of Sugar Sweetened Beverages* 2016 1.

<sup>15</sup> Soares "Putting taxes into the diet equation" 2016 *Bull World Health Organ* 239.

suikerbelasting gehad nie. Dié land het in 2013 besluit om suikerbelasting op suikerversoete drankies te staak omdat dit negatiewe ekonomiese gevolge gehad het.<sup>16</sup> Denemarke kon wel hierdie negatiewe gevolge van suikerbelasting oorkom, maar Petkantchin<sup>17</sup> is van mening dat Denemarke as 'n waarskuwing moet dien vir lande wat beoog om suikerbelasting te implementeer.

Die kern van hierdie skripsië handel oor die gevolge van nieoordraagbare siektes en suikerbelasting op die Suid-Afrikaanse ekonomie. Om hierdie gevolge in Suid-Afrika te bepaal moet daar eerstens ondersoek ingestel word oor wat die tesourie se rede en doel met suikerbelasting is. Om dit vas te stel word daar gekyk na wat suikerbelasting behels en wat die gesondheidsprobleme is wat suikerprodukte veroorsaak. Tweedens moet daar gekyk word na die moontlike invloed wat suikerbelasting onderskeidelik sal hê op die Suid-Afrikaanse suikerindustrie en die niealkoholiese drankie-industrie omdat hierdie industrieë verplig is om die belasting en tariewe op suiker te betaal. Derdens moet die resultate en ekonomiese gevolge van lande wat suikerbelasting implementeer, ondersoek word om vas te stel of suikerbelasting oor die lang termyn aan die tesourie se doel gaan voldoen. Vierdens moet daar bepaal word of die ekonomiese gevolge van nieoordraagbare siektes die ekonomiese gevolge van die implementering van suikerbelasting regverdig.

#### **1.4 Metodologie**

In hierdie skripsië word 'n literêre studie gedoen om die navorsingsvraag te beantwoord. Die primêre vraag in hierdie skripsië is: Wat is die ekonomiese gevolge van onderskeidelik nieoordraagbare siektes en suikerbelasting in Suid-Afrika? Om hierdie vraag te beantwoord is daar aan elke hoofstuk 'n tema gegee wat ondersoek sal word deur verskeie literêre bronne te raadpleeg. Die internasionale resultate van suikerbelasting sal op Suid-Afrika van toepassing gemaak word om die ekonomiese gevolge van onderskeidelik nieoordraagbare siektes en suikerbelasting op die ekonomie te bepaal.

---

<sup>16</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 12.

<sup>17</sup> Petkantchin "Nutrition taxes: The costs of Denmark's fat tax" 2013 *IEM* 3.

## **1.5 Struktuur van die skripsi**

Die struktuur van hierdie skripsi is soos volg: In hoofstuk 2 word die gesondheidsprobleme wat deur suiker veroorsaak word, bespreek. Daar word spesifiek gefokus op vetsug en die gesondheidsprobleme wat dit veroorsaak. In hoofstuk 3 word Suid-Afrika se implementering van suikerbelasting bespreek. Daar word gefokus op hoe die tesourie beoog om suikerbelasting te implementeer en op watter produkte suikerbelasting van toepassing sal wees. In hoofstuk 4 word verskeie internasionale lande wat reeds suikerbelasting implementeer, bespreek. Daar word veral gefokus op hierdie lande se ervaring van suikerbelasting en die impak wat suikerbelasting op hierdie lande se ekonomie gehad het. Daar word onderskeidelik na Mexiko, Denemarke en Frankryk gekyk. In hoofstuk 5 word die probleme wat deur suikerbelasting veroorsaak word, bespreek. In hierdie hoofstuk word ook die gevolge van suikerbelasting op, onderskeidelik, die Suid-Afrikaanse suikerindustrie en die niealkoholiese drankie-industrie bespreek. In hoofstuk 6 word 'n gevolgtrekking en slot aangebied.

# HOOFSTUK 2

## DIE GESONDHEIDSProbleme wat SUIKER VEROORSAAK

---

### 2.1 Inleiding

Die primêre rede waarom sprake van suikerbelasting ontstaan het, was weens bekommernis oor openbare gesondheid.<sup>18</sup> Nieoordraagbare siektes was, volgens die WGO,<sup>19</sup> verantwoordelik vir 38 miljoen sterftes wêreldwyd in 2012. Vyf persent van hierdie sterftes is veroorsaak as gevolg van die teenwoordigheid van vetsug.<sup>20</sup> Daar moet in ag geneem word dat die aantal sterftes wêreldwyd in persone wat vetsug het, hoër is as in die geval van persone wat ondergewig is.<sup>21</sup> Dit is daarom noodsaaklik om die voorkoms van vetsug wêreldwyd drasties te verminder.

In hierdie hoofstuk word daar ondersoek ingestel oor wat vetsug is, wat die ekonomiese gevolge van vetsug is, asook die verhoogde voorkoms van vetsug in Suid-Afrika. Aan die einde van hierdie hoofstuk word verskeie aanbevelings oorweeg oor hoe die regering die voorkoms van vetsug in Suid-Afrika kan verminder.

### 2.2 Vetsug

#### 2.2.1 *Wat is vetsug?*

Vetsug kom voor wanneer 'n persoon meer energie<sup>22</sup> inneem as wat hy of sy verbrand tydens fisiese aktiwiteit.<sup>23</sup> Die term "vetsug" verwys na die toestand by 'n persoon wat

---

<sup>18</sup> Cornelsen en Carreido "Health-Related Taxes on Foods and Beverages" 2015 *Food Research Collaboration* 1.

<sup>19</sup> WHO *Guideline: Sugar Intake for Adults and Children* (2015) 1.

<sup>20</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 4.

<sup>21</sup> World Heart Federation *Fact sheet: Obesity a growing danger* 2017 <http://www.worldheart.org/children>.

<sup>22</sup> Energie word gemeet in kalorieë. Kalorieë word gedefinieer as "[t]he amount of energy required to raise the temperature of one gram of water by one degree"; Schweitzer en Deutsch *Calorie Wars: Fat, Fact and Fiction* (2011) 1.

<sup>23</sup> World Heart Federation 2017 *Fact sheet: Obesity a growing danger* <http://www.worldheart.org/children>.

'n uitermatige hoë persentasie liggaamsvet het en hierdie liggaamsvet moontlik gesondheidsprobleme veroorsaak.<sup>24</sup>

'n Persoon se liggaamsmassaindeks<sup>25</sup> word gebruik om te bepaal of daar 'n voorkoms van oorgewig of vetsug by 'n persoon is.<sup>26</sup> 'n Persoon sal geklassifiseer word as oorgewig indien sy of haar liggaamsmassaindeks 25 of meer is, en as vetsugtig indien sy of haar liggaamsmassaindeks 30 of meer is.<sup>27</sup> Die volgende vraag ontstaan: Wat veroorsaak vetsug in individue?

In kort het groot veranderinge in die samelewing en gedragspatrone oor die afgelope drie dekades geleid tot die verhoogde voorkoms van vetsug vandag.<sup>28</sup> Daar is vier primêre faktore wat aanleiding gee tot vetsug, naamlik onkunde, fisiese onaktiwiteit, 'n ongesonde dieet en ongesonde voedingspraktyke tydens die vroeë kinderjare.<sup>29</sup> Afgesien van hierdie faktore, kan 'n persoon ook aan vetsug ly weens sy of haar familiegeschiedenis, genetiese voorbeskiktheid, beroep, ras en omgewingsfaktore.<sup>30</sup> Bovermelde veranderinge in die samelewing en gedragspatrone is steeds besig om te gebeur en na my mening gaan die voorkoms van vetsug binnekort 'n nog groter probleem word as wat dit aanvanklik was, indien daar nie ingegryp word nie.

### **2.2.2 Wat is die gevolge van vetsug?**

Vetsug is 'n groeiende epidemie omdat dit aanleiding gee tot ander nieoordraagbare siektes, soos kanker, diabetes en hartkwale.<sup>31</sup> Vetsug is ook een van die grootste

---

<sup>24</sup> Stern en Kazaks *Obesity: A Reference Handbook* (2009) 4.

<sup>25</sup> Liggaamsmassaindeks word gedefinieer as gewig in kilogram gedeel deur hoogte in meter kwadraat ( $\text{kg}/\text{m}^2$ ); WHO "Obesity and Overweight" 2006 *Factsheet no 311* 1. Behalwe vir liggaamsmassaindeks, is daar ook ander maniere om oorgewig en vetsug in individue te meet soos, onder andere, die meting van liggaamsamestelling, anatomiese verspreiding van vet, energie-inname en insulienweerstand; WHO *Obesity: Preventing and Managing the Global Epidemic* (2000) 11.

<sup>26</sup> World Heart Federation 2017 *Fact sheet: Obesity a growing danger* <http://www.worldheart.org/children>.

<sup>27</sup> World Heart Federation 2017 *Fact sheet: Obesity a growing danger* <http://www.worldheart.org/children>.

<sup>28</sup> WHO "Obesity and Overweight" 2006 *Factsheet no 311* 1.

<sup>29</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 5.

<sup>30</sup> Fairbrother *The Healthcare Burden of Obesity in South Africa: A reflection on the role of government* (MSc Med (Bioethics & Health Law) Thesis, University of Witwatersrand, 2009) 8.

<sup>31</sup> WHO *Guideline: Sugar Intake for Adults and Children* (2015) 6.

oorsake van diabetes en koronêre hartsiektes.<sup>32</sup> Volgens die WGO<sup>33</sup> word 44% van die wêreld se diabetes en 23% van die wêreld se hartsiektes veroorsaak deur vetsug. Deur dus die voorkoms van vetsug te verminder sal sterftes weens hierdie siektes ook verminder word.

Vetsug het verder 'n negatiewe impak op 'n persoon se algehele lewenskwaliteit.<sup>34</sup> Die rede hiervoor is dat vetsug verskeie aspekte van 'n persoon se lewe (wat emosionele, fisiese, sosiale, geestelike, ekonomiese en familie-faktore insluit) beïnvloed.<sup>35</sup> Persone met vetsug is ook geneig om psigologiese probleme te ervaar veral indien hul vetsug met ander siektes, byvoorbeeld velprobleme en onvrugbaarheid, gepaardgaan.<sup>36</sup> Daar is 'n geneigdheid om vetsug te stigmatiseer, wat dikwels uitloop op diskriminasie en boeliegedrag, wat dan ook tot psigologiese probleme kan lei.<sup>37</sup> Dit is veral weens hierdie negatiewe houding teenoor en stereotipering van vetsug dat persone dikwels huiwerig is om mediese hulp te soek.<sup>38</sup> Hierdie negatiewe houding teenoor en stereotipering van vetsug moet verander deur, byvoorbeeld, die samelewing in te lig dat die teenwoordigheid van vetsug nie noodwendig altyd weens swak leefstylkeuses is nie. Hoe meer persone met vetsug mediese hulp soek, hoe laer sal die voorkoms daarvan wees.

## **2.3 Wat is die ekonomiese gevolge van vetsug?**

Behalwe vir die negatiewe gevolge van vetsug in 'n persoon, hou die voorkoms daarvan ook negatiewe ekonomiese gevolge vir 'n land in. Volgens die WGO is daar bewyse dat vetsug wêreldwyd toeneem teen 'n kommerwekkende spoed. Die rede waarom die toename van vetsug 'n probleem is, is omdat dit 'n ekonomiese las op lande plaas deur 'n vermindering van 'n land se inkomste, 'n verhoging van die

---

<sup>32</sup> Naidoo en Sheiham "Sugar leaves a bitter taste" 2014 *SADJ* 346.

<sup>33</sup> Prinsloo ea "The prevalence and perception of obesity and its association with the lifestyle of women at the Mangaung University Community Partnership Project Healthcare Centre, Bloemfontein" 2010 *SAAFP* 367.

<sup>34</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 22.

<sup>35</sup> Smith *The impact of obesity on the psychological well-being of the adolescent learner* (Master of Education thesis, at the University of South Africa, 2008) 32.

<sup>36</sup> WHO *Obesity: Preventing and Managing the Global Epidemic* (2000) 55.

<sup>37</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 22.

<sup>38</sup> WHO *Obesity: Preventing and Managing the Global Epidemic* (2000) 56.

regering se uitgawes met betrekking tot werkloosheidsvoordele en dit ook die gesondheidsorgstelsel van 'n land negatief beïnvloed.<sup>39</sup>

Vetsug veroorsaak uitermatige hoë onkostes vir lande se gesondheidsorgstelsels.<sup>40</sup> Hierdie onkostes bestaan uit drie komponente, naamlik direkte onkoste, wat die onkostes aangaande die behandeling van vetsug is, geleentheidsonkoste, wat die persoonlike en sosiale verlies wat met vetsug gepaardgaan, insluit, en indirekte onkoste, wat die voortydige dood en die afwesigheid van persone met vetsug by werk insluit.<sup>41</sup> Dit wil voorkom of daar 'n verbintenis tussen werkloosheid en vetsug is.<sup>42</sup> Volgens Some, Rashied en Ohonba<sup>43</sup> is die rede daarvoor dat vetsug 'n persoon se produktiwiteit beïnvloed omdat 'n persoon met vetsug laer vlakke van produktiwiteit ervaar. Hierdie persone se gesondheid is swakker as dié van 'n gesonde individu, met die gevolg dat hierdie persone minder produktief is en meer siekverlof gebruik. Dit veroorsaak dat die werkgewer meer onkostes moet aangaan om die afwesigheid van hierdie persoon te oorkom.<sup>44</sup>

Dit is ook belangrik om daarop te let dat hierdie probleme nie net beperk is tot ontwikkelde lande nie. Daar is dikwels 'n wanindruk dat vetsug meer in ontwikkelde lande, byvoorbeeld Amerika, voorkom omdat persone in hierdie lande ongesonde voedselprodukte kan bekostig. Vetsug is egter nie beperk tot hierdie lande nie en is geneig om vinner te groei in ontwikkelende lande, soos Suid-Afrika, dikwels gepaardgaande met wanvoeding.<sup>45</sup> Daar is ook bewyse dat oorgewig en vetsug 'n hoër voorkoms in laeinkomstegroepe toon.<sup>46</sup> Dit steun dus bogenoemde stelling van Some, Rashied en Ohonba dat daar 'n verbintenis tussen werkloosheid en vetsug is.

---

<sup>39</sup> McCormick *Economic costs of obesity and the case for government intervention* (2006) 161.

<sup>40</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 23.

<sup>41</sup> WHO *Obesity: Preventing and Managing the Global Epidemic* (2000) 78.

<sup>42</sup> Some, Rashied en Ohonba "The impact of obesity on employment in South Africa" 2014 *ERSA working paper 475* 3.

<sup>43</sup> Some, Rashied en Ohonba "The impact of obesity on employment in South Africa" 2014 *ERSA working paper 475* 6.

<sup>44</sup> Some, Rashied en Ohonba "The impact of obesity on employment in South Africa" 2014 *ERSA working paper 475* 6.

<sup>45</sup> WHO "Obesity and Overweight" 2006 *Factsheet no 311* 1.

<sup>46</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 23.

Die rede hiervoor is dat individue van laeinkomstegroepe voedselprodukte koop wat goedkoop is en terselfdertyd ook baie energie bevat wat hulle vinniger versadig laat voel; sodende eet hulle minder en spandeer dus minder geld op voedsel.<sup>47</sup> Daarom ly middel- en laeinkomstelande die ergste onder sterftes wat veroorsaak word deur nieoordraagbare siektes, met 14 miljoen mense wat voortydig tussen die ouderdom van 30 en 70 jaar in hierdie lande sterf.<sup>48</sup> Ongelukkig is gesonde voedselprodukte vandag duurder as ongesonde voedsel.<sup>49</sup> Hierdie ongesonde voedsel bevat dikwels 'n hoë kwantiteit suiker, vette en koolhidrate; voorbeeld hiervan is kitskos, nagereg en peuselhappies.<sup>50</sup> Die lae pryse van hierdie ongesonde voedsel maak dit baie aantrekliker om te koop.<sup>51</sup>

## 2.4 Die voorkoms van vetsug in Suid-Afrika

In Suid-Afrika is daar 'n voorkoms van vetsug in 42% van vroue en 10% van mans.<sup>52</sup> Die voorkoms van vetsug in Suid-Afrika is kommerwekkend. Volgens DALYS<sup>53</sup> word Suid-Afrika geïdentifiseer as 'n land wat as gevolg van vetsug 'n groot risiko loop van voortydige sterftes asook die moontlikheid dat individue in hul middeljare met gestremdhede moet saamleef.<sup>54</sup> Suid-Afrika is ook as die land met die hoogste aantal vetsugtige persone by beide volwassenes en kinders in Afrika suid van die Sahara aangewys.<sup>55</sup> Na my mening behoort hierdie statistiek egter nie 'n skok vir Suid-Afrikaners te wees indien bogenoemde faktore van werkloosheid, lae inkomste en onkunde in ag geneem word nie, aangesien hierdie faktore sterk teenwoordig is in Suid-Afrika se huidige ekonomiese klimaat en samelewing. Nietemin moet die

<sup>47</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 24.

<sup>48</sup> WHO *Global Action Plan for the Prevention and Control of Noncommunicable Diseases* (2013) 1.

<sup>49</sup> Ajjaji en Ong *The Sugar Tax in Holland* (Bachelor thesis, University of Utrecht, 2015) 9.

<sup>50</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 24.

<sup>51</sup> Ajjaji en Ong *The Sugar Tax in Holland* (Bachelor Thesis, University of Utrecht, 2015) 9.

<sup>52</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 4.

<sup>53</sup> DALYS staan vir *disability-adjusted life years*; WHO *Disability-adjusted life years (DALYs)* 2017 [http://www.who.int/gho/mortality\\_burden\\_disease/daly\\_rates/text/en/](http://www.who.int/gho/mortality_burden_disease/daly_rates/text/en/).

<sup>54</sup> Norman ea *A comparative risk assessment for South African 2000: towards promoting health and preventing disease* (2007) 41.

<sup>55</sup> World Heart Federation *Fact sheet: Obesity a growing danger* 2017 <http://www.worldheart.org/children>; Baloyi "Proposed 'sin' tax on sugar sweetened beverages" 2016 *Werkmans Legal Brief* 2.

volgende vraag steeds beantwoord word: Waarom is oorgewig en vetsug 'n groeiende epidemie in Suid-Afrika?

Daar is verskeie faktore wat gelei het tot die vetsugepidemie in Suid-Afrika. Hierdie faktore sluit die volgende in: vetterige en verfynde voedsel wat goedkoper is as gesonde kos; die voorkoms van geweld in sommige gemeenskappe verhoed volwassenes en kinders om vrylik rond te beweeg en fisiese oefening te kry; en die toename in verstedeliking veroorsaak dat meer mense in stede blootgestel word aan 'n omgewing wat vetsug en swak gesondheid aanmoedig.<sup>56</sup> Persone spandeer ook nie meer soveel tyd as in die verlede om hul voedsel self voor te berei nie, en koop eerder kitskos.<sup>57</sup>

Die verhoogde voorkoms van vetsug in Suid-Afrika is ook 'n gevolg van die verskillende kulture wat in die land teenwoordig is.<sup>58</sup> Die rede hiervoor is dat swart vroue wat oorgewig of vetsugtig is, nie geneig is om hulself as sodanig te beskou nie omdat dit, volgens hul kultuur, gesond is.<sup>59</sup> Dit sluit aan by onkunde; hierdie individue behoort ingelig te word dat 'n uitermatige hoë liggaamsmassaindeks meer ongesond as gesond is. Die verhoogde voorkoms van MIV in Suid-Afrika speel ook 'n rol deurdat "maer" met dié virus geassosieer word.<sup>60</sup> Dit wil voorkom asof verskeie kulture 'n "vet" individu beskou as 'n gelukkige en gesonde individu.<sup>61</sup> Dit is egter nie die geval as die bogenoemde negatiewe fisiese en psigologiese gevolge wat met vetsug gepaardgaan, in ag geneem word nie.

---

<sup>56</sup> Some, Rashied en Ohonba "The impact of obesity on employment in South Africa" 2014 *ERSA working paper 475* 32.

<sup>57</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 1.

<sup>58</sup> Kruger ea "Obesity in South Africa: Challenges for government and health professionals" 2005 *Public Health Nutrition* 493.

<sup>59</sup> Fairbrother *The Healthcare Burden of Obesity in South Africa: A reflection on the role of government* (MSc Med (Bioethics & Health Law) Thesis, University of Witwatersrand, 2009) 10.

<sup>60</sup> In 'n studie uitgevoer in Khayalitsha het Matoti-Mvalo and Puoane tot die volgende gevolgtrekking gekom: "Those that were aware of their increased risk of non-communicable diseases due to their excess weight, did not want to lose weight as they did not want to risk being associated with 'thinness' and its association with HIV/AIDS" Matoti-Mvalo T en Puoane T "Perceptions of body size and its association with HIV/AIDS" 2011 *SAJCN*, soos aangehaal in Fairbrother *The Healthcare Burden of Obesity in South Africa: A reflection on the role of government* (MSc Med (Bioethics & Health Law) Thesis, University of Witwatersrand, 2009) 11.

<sup>61</sup> Fairbrother *The Healthcare Burden of Obesity in South Africa: A reflection on the role of government* (MSc Med (Bioethics & Health Law) Thesis, University of Witwatersrand, 2009) 11.

Alaba en Chola<sup>62</sup> is van mening dat hul studie bewys dat daar 'n verbintenis tussen sosio-ekonomiese ongelykhede en vetsug in Suid-Afrika is. Daar is ook 'n verbintenis tussen die voorkoms van vetsug in 'n persoon en sy of haar voltooide jare van onderrig.<sup>63</sup> Dit sluit aan by bogenoemde bewyse dat vetsug 'n verhoogde voorkoms in ontwikkelende lande het omdat persone van laerinkomstegroepe geneig is om eerder ongesonde, goedkoper voedsel te koop. Some, Rashied en Ohonbaz<sup>64</sup> het 'n studie gedoen oor die impak van vetsug op werkloosheid in Suid-Afrika en die resultate van hul studie toon dat vetsug werkloosheid negatief beïnvloed. Volgens hulle hou vetsug die moontlikheid in om werkgeleenthede in Suid-Afrika te beperk en doen hulle 'n beroep op die Suid-Afrikaanse regering om beleide in plek te stel om vetsug in Suid-Afrika te reguleer.<sup>65</sup>

## **2.5 Hoe kan die voorkoms van vetsug verminder word?**

Daar kan ooreengekom word dat vetsug 'n ernstige probleem is wat deur verskeie faktore veroorsaak word.<sup>66</sup> Soos reeds genoem, is daar in Suid-Afrika 'n sterk teenwoordigheid van die faktore wat aanleiding gee tot vetsug. Nieoordraagbare siektes veroorsaak onnodige gesondheidsorguitgawes vir die regering.<sup>67</sup> Volgens die WGO kan hierdie uitgawes verminder word deur die voorkoms van vetsug te verminder. Die WGO<sup>68</sup> is van mening dat die gepaste hantering van vetsug die voorkoming van gewigstoename, asook die bevordering van gewigsinstandhouding en die aanmoediging van gewigsverlies behels.

In die verlede is die voorkoming van vetsug gekenmerk deur die voorkoming van toename in gewig en die hantering van vetsug gekenmerk deur die aanmoediging van

---

<sup>62</sup> Alaba en Chola "Socioeconomic Inequalities in Adult Obesity Prevalence in South Africa a Decomposition Analysis" 2014 *International Journal of Environmental Research and Public Health* 3399.

<sup>63</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 24.

<sup>64</sup> Some, Rashied en Ohonba "The impact of obesity on employment in South Africa" 2014 *ERSA working paper 475* 15.

<sup>65</sup> Some, Rashied en Ohonba "The impact of obesity on employment in South Africa" 2014 *ERSA working paper 475* 15.

<sup>66</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 3.

<sup>67</sup> Baloyi "Proposed 'sin' tax on sugar sweetened beverages" 2016 *Werkmans Legal Brief* 1.

<sup>68</sup> WHO *Obesity: Preventing and Managing the Global Epidemic* (2000) 155.

gewigsverlies.<sup>69</sup> Vandag is daar, volgens die WGO,<sup>70</sup> verskeie maniere tot lande se beskikking om die voorkoms van oorgewig en vetsug te verminder. Die WGO is van mening dat die voorkoms van vetsug suksesvol beheer en voorkom kan word indien daar op die volgende faktore gefokus word: die kulturele, sosiale en fisiese omgewing wat 'n effek het op individue se gewig en die algehele gemeenskap, asook geïmplementeerde programme en prosesse wat individue met vetsug hanteer.<sup>71</sup>

Suiker word beskryf as 'n hoogs verslawende produk; as 'n manier om die globale epidemie van vetsug te voorkom, beveel die WGO<sup>72</sup> daarom ook aan dat lidlande openbare maatstawwe in plek moet stel om die inname van suiker, wat in verskeie produkte soos lekkernye, roomys en suikerversoete drankies voorkom, te beperk. Die rede hiervoor is dat daar bevind is dat daar 'n positiewe verbintenis bestaan tussen suiker en vetsug.<sup>73</sup> Die uiteindelike doel wat regerings moet bereik, is om 'n gedragsverandering teweeg te bring.<sup>74</sup> Die Suid-Afrikaanse regering moet dus maatstawwe in plek stel om die inname van suikerprodukte te verminder.

Dit is baie maklik vir individue om in vandag se voedselomgewing te veel van 'n spesifieke soort produk, byvoorbeeld suikerversoete drankies, in te neem.<sup>75</sup> Daarom is die berading van hoërisiko-individue deur dieetkundiges 'n manier om individue bewus te maak van die erns van oorgewig en vetsug.<sup>76</sup> 'n Ander voorstel is dat die regering nuwe regulasies in plek moet stel wat kitskos duurder maak en die vervaardiging van voedsel verander, byvoorbeeld deur voedseletikette te gebruik om mense in te lig oor die gevare wat spesifieke voedselsoorte inhoud.<sup>77</sup> Die regulering van

---

<sup>69</sup> WHO *Obesity: Preventing and Managing the Global Epidemic* (2000) 156.

<sup>70</sup> WHO *Taxes on sugary drinks: Why do it?* 2016  
<http://apps.who.int/iris/bitstream/10665/250303/1/WHO-NMH-PND-16.5-eng.pdf>

<sup>71</sup> WHO *Obesity: Preventing and Managing the Global Epidemic* (2000) 154.

<sup>72</sup> Ajjaji en Ong *The Sugar Tax in Holland* (Bachelor Thesis, University of Utrecht, 2015) 6; WHO *Guideline: Sugar Intake for Adults and Children* (2015) 18.

<sup>73</sup> Ajjaji en Ong *The Sugar Tax in Holland* (Bachelor Thesis, University of Utrecht, 2015) 9.

<sup>74</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 32.

<sup>75</sup> WHO *Taxes on sugary drinks: Why do it?* 2016  
<http://apps.who.int/iris/bitstream/10665/250303/1/WHO-NMH-PND-16.5-eng.pdf>.

<sup>76</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 28.

<sup>77</sup> Some, Rashied en Ohonba "The impact of obesity on employment in South Africa" 2014 *ERSA working paper* 475 44.

die bemarking en verspreiding van niealkoholieuse drankies<sup>78</sup> en die instel van fiskale beleide word aanbeveel om die verkope van ongesonde voedselsoorte te beperk.<sup>79</sup> Dit wil egter voorkom asof fiskale maatstawwe die meeste sukses het met die bekamping van oorgewig en vetsug, volgens bewyse in Frankryk, Mexiko en Denemarke dat die implementering van belasting op sekere voedselsoorte die voorkoms van oorgewig en vetsug verminder.<sup>80</sup> Die heffing van belasting op suikerprodukte is dus 'n baie aantreklike manier om oorgewig en vetsug te bekamp wat die Suid-Afrikaanse regering kan oorweeg.

Die WGO<sup>81</sup> is van mening dat die implementering van belasting op tabakprodukte die verbruik daarvan verminder het en daarom behoort die implementering van suikerbelasting op suikerversoete drankies dieselfde gevolg te hê. Fairbrother<sup>82</sup> stel ook voor dat die media die advertering van kitskos moet beperk; in plaas daarvan dat verskeie kettingwinkels kitskos adverteer, moet 'n gesonde dieet, met vrugte en groente, asook fisiese aktiwiteite, soos draf en fietsry, eerder geadverteer word.

---

<sup>78</sup> Onder hierdie industrie val suikerversoete drankies; dit sluit produkte soos gaskoeldrank, vrugtesap en energiedrankies in, maar word hoofsaaklik oorheers deur gaskoeldrank; National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 7.

<sup>79</sup> WHO *Guideline: Sugar Intake for Adults and Children* (2015) 18.

<sup>80</sup> Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 28.

<sup>81</sup> WHO *Taxes on sugary drinks: Why do it?* 2016 <http://apps.who.int/iris/bitstream/10665/250303/1/WHO-NMH-PND-16.5-eng.pdf>.

<sup>82</sup> Some, Rashied en Ohonba "The impact of obesity on employment in South Africa" 2014 *ERSA working paper* 475 53 en 55.

# HOOFSTUK 3

## DIE IMPLEMENTERING VAN SUIKERBELASTING IN SUID-AFRIKA

---

### 3.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse regering het verskeie aanbevelings van die WGO oorweeg en het besluit om suikerbelasting te implementeer.<sup>83</sup> Suikerbelasting is nie 'n nuwe konsep vir Suid-Afrika nie en was al voorheen geïmplementeer, alhoewel dit in 2002 gestaak is.<sup>84</sup> Die rede waarom hierdie belasting in 2002 gestaak is, is omdat dit baie teenkanting ontvang het van die niealkoholiese drankie-industrie.<sup>85</sup> Die teenkanting was omdat hierdie belasting hoofsaaklik geïmplementeer is om belasting in te vorder – die belasting is gehef op die volume suiker per liter en het geen gesondheidsoogmerke gehad nie.<sup>86</sup> Die implementering van suikerbelasting in 2017 sal egter hoofsaaklik weens gesondheidsoogmerke wees en nie net om belasting in te vorder nie; daarom kan daar gehoop word dat die implementering van suikerbelasting hierdie keer suksesvol gaan wees.

Suikerbelasting sal 'n tweeledige doel hê, naamlik om die gesondheidsprobleme wat deur suiker veroorsaak word te voorkom en om belasting in te vorder.<sup>87</sup> Die tesourie meen dat die belasting wat deur suikerbelasting ingevorder word, bestee kan word om gesondheidsorgdienste en medikasie te befonds.<sup>88</sup> HEALA<sup>89</sup> is van mening dat die

---

<sup>83</sup> Baloyi "Proposed 'sin' tax on sugar sweetened beverages" 2016 *Werkmans Legal Brief* 1; National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 11.

<sup>84</sup> Smith #Budget2017: *Tax on sugary drinks - health aid or budget band aid?* 2017 <http://www.fin24.com/Budget/BudgetReaction/budget2017-sugar-tax-health-aid-or-budget-band-aid-20170223>.

<sup>85</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 11.

<sup>86</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 11.

<sup>87</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 9.

<sup>88</sup> Smith #Budget2017: *Tax on sugary drinks - health aid or budget band aid?* 2017 <http://www.fin24.com/Budget/BudgetReaction/budget2017-sugar-tax-health-aid-or-budget-band-aid-20170223>.

<sup>89</sup> HEALA staan vir "Healthy Living Alliance" en is 'n alliansie wat bestaan uit verskeie organisasies wat 'n belofte maak om gesonder besluite te neem en om die regering te verplig om op te tree teen vetsug; HEALA *About* 2017 <http://heala.org/about/>.

implementering van suikerbelasting 'n wen-wen-situasie is omdat belasting ingevorder word en terselfde tyd word die inname van suikerversoete drankies ook verminder.<sup>90</sup>

Hierdie hoofstuk handel oor hoe Suid-Afrika suikerbelasting gaan implementeer. Daar word ondersoek ingestel oor wat sondebelaasting is, watter produkte aan suikerbelasting onderworpe is, watter voordele die implementering van suikerbelasting inhoud asook op watter ander maniere die regering beoog om vetsug te voorkom.

### **3.2 Hoe gaan Suid-Afrika suikerbelasting implementeer?**

#### ***3.2.1 Sondebelaasting***

In Suid-Afrika word belasting gehef op hoogs verbruikbare produkte, byvoorbeeld tabak, alkohol en nienoodsaaklike, luukse produkte.<sup>91</sup> Belasting op hierdie produkte staan algemeen as "sondebelaasting" bekend. Die rede vir sondebelaasting is dat die gebruik van hierdie produkte skadelik is vir die omgewing en individue se gesondheid.<sup>92</sup> Die pryse van produkte speel 'n belangrike rol in die besluite wat verbruikers neem wanneer hulle produkte koop.<sup>93</sup> Volgens die *Standard Economic Theory*<sup>94</sup> het pryse 'n invloed op die hoeveelheid aanvraag na 'n spesifieke produk.<sup>95</sup> Die verhoogde belasting op hierdie produkte het ten doel dat dié produkte minder gebruik sal word omdat dit duur is.<sup>96</sup> Indien sondebelaastingwetgewing goed ontwerp is, sal dit die volgende eienskappe hê: dit sal 'n gedragsverandering tot gevolg hê; dit

---

<sup>90</sup> HEALA "Preventing obesity in South Africa" 2016 *Fact Sheet* 2.

<sup>91</sup> SAID *Excise Duties and Levies* 2017 <http://www.sars.gov.za/ClientSegments/Customs-Excise/Excise/Pages/default.aspx>.

<sup>92</sup> SAID *Excise Duties and Levies* 2017 <http://www.sars.gov.za/ClientSegments/Customs-Excise/Excise/Pages/default.aspx>.

<sup>93</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 9.

<sup>94</sup> "The economic theory predicts that as the price of an item rises the consumption of that item will typically fall, therefore increasing the price of unhealthy food and drinks by taxation should reduce consumption of the taxed items with an aim of changing consumer demand and behaviour at the broad population level"; Powell en Chaloupka "Food prices and obesity: evidence and policy implications for taxes and subsidies" 2009 *Milbank Q* 87, soos aangehaal in Lavin en Timpson "Exploring the Acceptability of a Tax on Sugar-Sweetened Beverages" 2013 *CHP Liverpool John Moores University* 7.

<sup>95</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 9.

<sup>96</sup> Clark "Increase in 'sin taxes' aimed at reducing abuse-Treasury" 2012 *Moneyweb's Personal Finance* 11.

sal moeilik wees om te vermy; dit sal eenvoudig en effektief wees; en dit sal geen onvoorsiene gevolge hê nie.<sup>97</sup>

In Suid-Afrika word sondebelasting geïmplementeer by wyse van die *Wet op Doeane en Aksynsbelasting*.<sup>98</sup> Die tesourie beoog daarom dat suikerbelasting deel moet vorm van sondebelasting en suikerbelasting sal gevolglik geïmplementeer word by wyse van 'n bylaag tot die *Wet op Doeane en Aksynsbelasting*.<sup>99</sup> Volgens die tesourie<sup>100</sup> moet die suikerbelastingtarief inflasie in ag neem en dit moet elke jaar aangepas word; die tesourie is ook van mening dat suikerbelasting so min as moontlik administratiewe en nakomingskoste vir belastingpligtiges moet veroorsaak. Die implementering van aksynsbelasting sal die grootste impak hê op die verbruik van suikerprodukte omdat dit die hoeveelheid suiker in die produk asook die prys daarvan beïnvloed.<sup>101</sup>

### **3.2.2 Op watter produkte is suikerbelasting van toepassing?**

#### *3.2.2.1 Free sugars*

Wanneer daar na "suiker" verwys word, sluit die term twee tipes suiker in, naamlik intrinsieke suiker en die sogenaamde *free sugars*.<sup>102</sup> Intrinsieke suiker kom natuurlik voor in die struktuur van vrugte en groente en die WHO<sup>103</sup> het geen bewyse gevind dat hierdie suiker gesondheidsprobleme veroorsaak nie. Die probleem kom egter na vore by *free sugars*, omdat hierdie suiker vetsug veroorsaak.<sup>104</sup>

*Free sugars* verwys na monosakkariede en disakkariede wat deur verskaffers of verbruikers by produkte gevoeg word om hierdie produkte te versoet; dit is ook natuurlik teenwoordig in heuning, stroop en vrugtesap.<sup>105</sup> 'n Voorbeeld van produkte met hoë vlakke *free sugars* is suikerversoete drankies, byvoorbeeld Coca-Cola en

---

<sup>97</sup> Martin en Wardrop "Mexico evidence of the impact" 2015 *Ministry of Health* 3.

<sup>98</sup> *Wet op Doeane en Aksynsbelasting* 91 van 1964.

<sup>99</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 3.

<sup>100</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 15.

<sup>101</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 6.

<sup>102</sup> WHO *Guideline: Sugar Intake for Adults and Children* (2015) 4 en 7.

<sup>103</sup> WHO *Guideline: Sugar Intake for Adults and Children* (2015) 7.

<sup>104</sup> WHO *Guideline: Sugar Intake for Adults and Children* (2015) 7.

<sup>105</sup> WHO *Diet, Nutrition and the Prevention of Chronic Diseases: Report of a Joint WHO/FAO Expert Consultation* (2003) 56.

Lipton-ystee. Suikerversoete drankies het geen voedingswaarde nie en het 'n hoë suikerinhoud.<sup>106</sup> Die menslike liggaam prosesseer *free sugars* anders as intrinsieke suiker, met die gevolg dat individue nie so versadig voel nie en hulself dikwels ooreet.<sup>107</sup> *Free sugars* het daarom verskeie gesondheidsprobleme tot gevolg en die innname daarvan moet beperk word.

Omdat *free sugars* by suikerversoete drankies gevoeg word, sal die *free sugars* in suikerversoete drankies belas word.<sup>108</sup> Suikerbelasting sal egter net van toepassing wees op suikerversoete drankies,<sup>109</sup> wat produkte soos vrugtesap, gaskoeldrank, energiedrankies, gebottelde water en ystee insluit.<sup>110</sup> Enige produk wat natuurlike suiker bevat, byvoorbeeld onversoete melk, melkprodukte en 100% suiwer vrugtesap, sal van suikerbelasting uitgesluit word.<sup>111</sup> Die tesourie<sup>112</sup> se rede vir die uitsluiting van hierdie produkte is weens die internasionale praktyk om hierdie produkte by suikerbelasting uit te sluit. Baie individue is geneig om suikerversoete drankies te beskou as 'n bron van energie, maar min persone is bewus daarvan dat 'n hoë innname daarvan kan lei tot gewigstoename weens die hoë aantal kalorieë wat dit bevat.<sup>113</sup> Dit is daarom belangrik om individue in te lig oor die negatiewe gevolge wat suikerversoete drankies inhoud.

Volgens die tesourie<sup>114</sup> is die innname van suikerversoete drankies een van die grootste oorsake van oorgewig en vetsug. In vergelyking met ander voedselsoorte, bestaan daar die sterkste verbintenis tussen die innname van suikerversoete drankies en

---

<sup>106</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 6.

<sup>107</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 6.

<sup>108</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 16.

<sup>109</sup> Die WGO definieer "suikerversoete drankies" soos volg: "Sugar-sweetened beverages contain added sugars such as sucrose or high fructose corn syrup and a 330ml or 12oz portion of sugar-sweetened carbonated soft drink typically contains some 35g (almost nine teaspoons) of sugars and provides approximately 140 kcal of energy, generally with little other nutritional value". WHO *Reducing consumption of sugar-sweetened beverages to reduce the risk of unhealthy weight gain in adults* 2014 [http://www.who.int/elena/titles/bbc/ssbs\\_adult\\_weight/en/](http://www.who.int/elena/titles/bbc/ssbs_adult_weight/en/).

<sup>110</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 7.

<sup>111</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 2.

<sup>112</sup> National Treasury *Tax on Sugary Beverages* 2017 1.

<sup>113</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 9.

<sup>114</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 16.

vetsug.<sup>115</sup> Die WGO<sup>116</sup> is van mening dat 20% belasting op suikerversoete drankies die verbruik daarvan met 20% kan verminder. Die tesourie<sup>117</sup> argumenteer dat suikerbelasting die direkte vlakke suiker in suikerversoete drankies belas en daarom verbruikers sal aanmoedig om minder van hierdie produkte te koop; afgesien hiervan kan dit moontlik ook die vervaardigers van hierdie produkte aanmoedig om die vlakke suiker in hul produkte te verminder.

'n Suid-Afrikaanse studie<sup>118</sup> het bevind dat 20% belasting op suikerversoete drankies die voorkoms van vetsug in mans met 3.8% en in vroue met 2.4% sal verminder.<sup>119</sup> Die rede hiervoor is dat, al is dit die verskaffers van suikerversoete drankies se verpligting om die belasting te betaal, hierdie belasting oorgedra gaan word na die pryse van dié produkte en verbruikers duurder gaan betaal vir suikerversoete drankies.<sup>120</sup> Suikerversoete drankies sal teen 'n koers van R0.0229 per gram suiker in 'n liter suikerversoete drankie belas word.<sup>121</sup>

### 3.2.2.2 Die voordele van belasting op suikerversoete drankies

Belasting word dikwels gebruik om sekere voedselsoorte en produkte minder aantreklik vir verbruikers te maak.<sup>122</sup> Die implementering van suikerbelasting se primêre doel is om deur middel van 'n ekonomiese hulpmiddel die voorkoms van vetsug te verminder.<sup>123</sup>

Die rede waarom die wetgewer suikerbelasting op suikerversoete drankies implementeer, is omdat dit maklik is om hierdie belasting te definieer asook om die

---

<sup>115</sup> Lavin en Timpson "Exploring the Acceptability of a Tax on Sugar-Sweetened Beverages" 2013 *CHP Liverpool John Moores University* 3.

<sup>116</sup> WHO *Taxes on sugary drinks: Why do it?* 2016 <http://apps.who.int/iris/bitstream/10665/250303/1/WHO-NMH-PND-16.5-eng.pdf>.

<sup>117</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 17.

<sup>118</sup> Manyema ea *The Potential Impact of a 20% Tax on Sugar-Sweetened Beverages on Obesity in South African Adults: A Mathematical Model* 2014 <https://doi.org/10.1371/journal.pone.0105287>.

<sup>119</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 17.

<sup>120</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 11.

<sup>121</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 3.

<sup>122</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 8.

<sup>123</sup> Armstrong, Fourie en Rich "The impact of a sugar tax on SSBs on the prevalence of obesity" 2016 *Econex* 2.

belastingtariewe te bepaal.<sup>124</sup> Belasting op suikerversoete drankies kan ook vinniger resultate oplewer deurdat vervaardigers die suikerinhoud van suikerversoete drankies kan herformuleer sodat die belasting daarop minder is.<sup>125</sup>

Deur suikerbelasting te implementeer sal die regering die ingevorderde belasting kan bestee op infrastruktuur, die verbetering van gesondheidsorgdienste, behuising en onderwys.<sup>126</sup> Volgens die tesourie<sup>127</sup> gaan daar meer fondse beskikbaar gemaak word vir die Departement van Gesondheid om te bestee op intervensies teen nieoordraagbare siektes. Gesondheidsdiensteonkostes sal ook in die proses verminder.<sup>128</sup> HEALA<sup>129</sup> is van mening dat belasting op suikerversoete drankies 'n groot bydrae gaan lewer in die bewusmaking van die gevare van vetsug en die rol wat hierdie drankies daarin speel. Volgens Moeng van die Departement van Gesondheid sal die voordele van suikerbelasting eers in die toekoms waargeneem word.<sup>130</sup> Die tesourie beoog om teen 2020 die gesondheidsprobleme wat deur suiker veroorsaak word met 10% te verminder weens die implementering van suikerbelasting.<sup>131</sup>

### **3.3 Ander oplossings wat Suid-Afrika beoog**

Behalwe die implementering van suikerbelasting op suikerversoete drankies, beoog die nasionale tesourie ook om ander maatstawwe in plek te stel om die voorkoming van oorgewig en vetsug te verminder. Hierdie maatstawwe sluit die volgende in:

Creation of an institutional framework to support inter-sectoral engagement; Creation of an enabling environment that supports the availability and accessibility of healthy food choices in various settings; Increasing the percentage of the population

---

<sup>124</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 8.

<sup>125</sup> Van Rensburg *Sugar tax: Reformulation games begin 2017* <http://www.fin24.com/Economy/reformulation-games-20170319-2>.

<sup>126</sup> WHO *Taxes on sugary drinks: Why do it?* 2016 <http://apps.who.int/iris/bitstream/10665/250303/1/WHO-NMH-PND-16.5-eng.pdf>.

<sup>127</sup> National Treasury *Tax on Sugary Beverages* (2017) 2.

<sup>128</sup> Die WGO voorspel dat die VSA \$17 biljoen sal spaar op gesondheidsdienste in jaarlikse belastingopnames. WHO *Taxes on sugary drinks: Why do it?* 2016 <http://apps.who.int/iris/bitstream/10665/250303/1/WHO-NMH-PND-16.5-eng.pdf>; National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 10.

<sup>129</sup> HEALA "Preventing obesity in South Africa" 2016 *Fact Sheet* 2.

<sup>130</sup> Cullinan *Sugar tax: Thousands could lose their jobs, says Cosatu* 2017 <http://www.health24.com/Diet-and-nutrition/News/sugar-tax-thousands-could-lose-their-jobs-says-cosatu-20170214>.

<sup>131</sup> National Treasury *Proposed Taxation of Sugar Sweetened Beverages* 2016 1.

engaging in physical activity; Supporting obesity prevention in early childhood (in-utero – 12 years); Communicating with, educate and mobilise communities; and Establishing a surveillance system, strengthen monitoring and evaluation, and research.<sup>132</sup>

### **3.4 Gevolgtrekking**

Dit wil voorkom of die implementering van suikerbelasting op suikerversoete drankies Suid-Afrika se oplossing tot die verhoogde voorkoms van vetsug is. Daar is verskeie redes hiervoor: eerstens het sondebelaстиng op tabak en alkohol geleid tot 'n verminderde gebruik daarvan; met ander woorde, dit behoort dieselfde gevolge in te hou vir die gebruik van suikerversoete drankies; tweedens toon die nasionale tesourie se beleidsvoorstel, asook bewyse deur die WGO dat belasting op suikerprodukte wel die voorkoms van vetsug verminder; en derdens is die Departement van Gesondheid van plan om, gepaardgaande met die implementering van suikerbelasting, ook ander maatstawwe in plek te stel om die voorkoms van vetsug in oënskou te neem en te beperk.

Volgens Evans<sup>133</sup> sal suikerbelasting op suikerversoete drankies verseker lei tot 'n vermindering in die verbruik daarvan. Ek is egter geneig om van hom te verskil; voordat daar tot hierdie gevolgtrekking gekom kan word, moet daar eers vasgestel word of dit wel die internasionale ervaring was met die implementering van suikerbelasting.

---

<sup>132</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper 2016* 7.

<sup>133</sup> Evans "Sugar tax... sweet benefits?" 2016 *SADJ* 292.

# HOOFSTUK 4

## DIE INTERNASIONALE IMPLEMENTERING VAN SUIKERBELASTING

---

### 4.1 Inleiding

Dit is niks nuuts om fiskale maatstawwe te gebruik om beide belasting in te samel en gesondheidsprobleme te voorkom nie.<sup>134</sup> Baie lande steun die implementering van belasting op ongesonde voedsel en drankies.<sup>135</sup> Lande soos Frankryk, Mexiko, en Denemarke het reeds belasting op sommige voedselsoorte geïmplementeer.<sup>136</sup>

In hierdie hoofstuk word elk van hierdie lande se implementering van voedselbelasting en hul ervaring daarvan bespreek. Die belasting wat deur elk van hierdie lande geïmplementeer word, se agtergrond, die wyse waarop die belasting geïmplementeer word en die gevolge van die implementering van hierdie belasting word bespreek.

### 4.2 Mexiko

#### 4.2.1 Agtergrond

Mexiko se hoofrede vir die implementering van suikerbelasting op suikerversoete drankies was weens die uitermatige hoë voorkoms van vetsug in die Mexikaanse bevolking. Bewyse het getoon dat die vinnigste toename van vetsug in die wêreld in Mexiko plaasgevind het.<sup>137</sup> In 2010 het 'n studie getoon dat 34.4% van skoolkinders tussen die ouderdom van vyf en elf jaar oorgewig was of vetsug gehad het en dat die voorkoms van oorgewig en vetsug nasionaal by volwassenes in 35.8% van vroue en 34.1% van mans voorkom.<sup>138</sup> In 2004 het 'n ander studie gevind dat 75% van al die

---

<sup>134</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 9.

<sup>135</sup> Jensen en Smed "The Danish tax on saturated fat: Short run effects on consumption and consumer prices of fats" 2012 *FOI Working Paper* 2.

<sup>136</sup> National Treasury *Proposed Taxation of Sugar Sweetened Beverages* 2016 1.

<sup>137</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 32.

<sup>138</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 32.

sterftes daardie jaar weens nieoordraagbare siektes veroorsaak is en hierdie voortydige sterftes het indirek 'n ekonomiese verlies van MXN 25,000 miljoen<sup>139</sup> in 2008 veroorsaak; hierdie bedrag het voorts met 13.51% elke jaar toegeneem.<sup>140</sup>

#### **4.2.2 Die implementering van suikerbelasting**

Mexiko het in 2014 besluit om belasting op suikerversoete drankies te implementeer.<sup>141</sup> Mexiko se rede vir die implementering van hierdie belasting was om die prys van suikerversoete drankies te verhoog, in die hoop dat die verkope daarvan sou afneem.<sup>142</sup> Hierdie belasting is dus geïmplementeer as 'n strategie om die gesondheid van individue in die land te verbeter.<sup>143</sup> Mexiko het beoog om met die implementering van suikerbelasting die voorkoms van vetsug by volwassenes binne tien jaar met 5% te verminder asook om met hierdie voorgestelde belasting MXN 22,000 miljoen in te vorder.<sup>144</sup> Die Mexikaanse regering het belowe om hierdie ingevorderde belasting te bestee op die beskikbaarmaking van water by skole en ander openbare instansies.<sup>145</sup>

#### **4.2.3 Gevolge van die implementering van suikerbelasting**

Dit was egter nog nie moontlik om tot 'n definitiewe gevolgtrekking te kom oor die impak van suikerbelasting in Mexiko op die verbruik van suikerversoete drankies en die voorkoms van vetsug nie omdat die belasting nog net vir 'n kort tydperk geïmplementeer is.<sup>146</sup> Mexiko se grootste uitdaging met die implementering van suikerbelasting was die reaksie van die niealkoholiese drankie-industrie wat 'n

---

<sup>139</sup> Die Mexikaanse geldeenheid is Meksikaanse Peso (MXN).

<sup>140</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 34.

<sup>141</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 8.

<sup>142</sup> Martin en Wardrop "Mexico evidence of the impact" 2015 *Ministry of Health* 3.

<sup>143</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 26.

<sup>144</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 38.

<sup>145</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 13.

<sup>146</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 6.

verenigde front teen hierdie belasting gevorm het.<sup>147</sup> Dit wil egter voorkom of die verbruik van suikerversoete drankies in Mexiko afgeneem het na die implementering van suikerbelasting, alhoewel daar nog relatief min inligting hieroor beskikbaar is.<sup>148</sup>

## 4.3 Denemark

### 4.3.1 Agtergrond

Denemark het begin om suikerbelasting te implementeer in die vroeë 1920's en was van die eerste lande wat voedselbelasting geïmplementeer het.<sup>149</sup> In 2008 het Denemark egter 'n verhoging in die voorkoms van gesondheidsprobleme ervaar.<sup>150</sup> Versadigde vette was die oorsaak van vetsug, wat verskeie nieoordraagbare siektes in individue veroorsaak het.<sup>151</sup> Die Deense regering het besluit om 'n sogenaamde "Voorkomingskomitee" te stig, wat in 2009 aanbeveel het dat belasting op versadigde vette geïmplementeer moet word.<sup>152</sup>

Die sogenaamde *fat tax* het op 1 Oktober 2011 in werking getree.<sup>153</sup> Hierdie *fat tax* moet van die suikerbelasting, wat in ander lande geïmplementeer word, onderskei word omdat hierdie belasting bestanddele wat natuurlik in produkte voorkom, teiken, eerder as bestanddele wat by produkte gevoeg word.<sup>154</sup> Die rede vir die implementering van belasting op hierdie produkte was om individue aan te moedig om produkte te koop wat minder versadigde vette bevat en om gesonde eetgewoontes aan te leer.<sup>155</sup>

---

<sup>147</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 47.

<sup>148</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 6.

<sup>149</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 12.

<sup>150</sup> ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 178.

<sup>151</sup> Petkantchin "Nutrition taxes: The costs of Denmark's fat tax" 2013 *IEM* 1.

<sup>152</sup> ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 178.

<sup>153</sup> ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 177.

<sup>154</sup> Jensen ea "The Danish tax on saturated fat – Demand effects for meat and dairy products" 2014 *EAAE* 3.

<sup>155</sup> ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 177.

#### **4.3.2 Die implementering van suikerbelasting**

Denemarke het suikerbelasting teen DKK 0.34<sup>156</sup> per liter geïmplementeer en sedert 2011 het Denemarke ook produkte met 'n versadigde vetinhoud van meer as 2.3% belas teen DKK 16 per kilogram.<sup>157</sup> Die primêre bronne van versadigde vette, soos volroommelk, botter en eetbare olies, word deur *fat tax* belas.<sup>158</sup> Hoe hoër die inhoud versadigde vette in die produk, hoe hoër is die belasting daarop.<sup>159</sup> Die *fat tax* het sekere uitsluitings gehad: voedselsoorte met 'n versadigde vetinhoud van 2.3% of minder is uitgesluit van hierdie belasting; sodoende is standaard melk van hierdie belasting uitgesluit.<sup>160</sup>

Voedsel wat deur Denemarke ingevoer is, was ook onderworpe aan hierdie belasting.<sup>161</sup> Voedselvervaardigers en die invoerders van voedsel was verplig om hierdie belasting te betaal; daar is egter verwag dat hierdie belasting oorgedra sou word na die pryse van dié produkte en sodoende sou verbruikers die belasting op hierdie produkte betaal.<sup>162</sup>

#### **4.3.3 Gevolge van die implementering van suikerbelasting**

Denemarke was nie net een van die eerste lande wat voedselbelasting geïmplementeer het nie, maar ook een van die eerste lande wat met die implementering van voedselbelasting misluk het.<sup>163</sup> *Fat tax* het verskeie ekonomiese gevolge gehad, soos 'n uitermatige verhoging in voedselpryse en werksverliese, wat

---

<sup>156</sup> Die geldeenheid van Denemarke is Deense Krone (DKK).

<sup>157</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 29.

<sup>158</sup> ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 177.

<sup>159</sup> Skatteministeren *Lovbemærkninger i Forslag til Lov om afgift af mættet fedt i visse fødevarer (Fedtafgiftsloven)* 2011

[http://www.ft.dk/RIPdf/samling/20101/lovforslag/L111/20101\\_L111\\_som\\_fremsat.pdf](http://www.ft.dk/RIPdf/samling/20101/lovforslag/L111/20101_L111_som_fremsat.pdf); Poulsen *Skriftlig fremsættelse af loven* 2011

<https://www.retsinformation.dk/Forms/R0710.aspx?id=135473>; ECORYS Enterprise and Industry "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *ECORYS* 178.

<sup>160</sup> ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 178.

<sup>161</sup> ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 178.

<sup>162</sup> Jensen ea "The Danish tax on saturated fat – Demand effects for meat and dairy products" 2014 *EAAE* 3.

<sup>163</sup> Ajjaji en Ong *The Sugar Tax in Holland* (Bachelor Thesis, University of Utrecht, 2015) 13.

gelei het tot die staking daarvan 'n jaar later.<sup>164</sup> Daar is bevind dat die implementering van *fat tax* die bedoelde oogmerk bereik het deurdat verkope van produkte wat versadigde vette bevat met 10-15% gedaal het.<sup>165</sup> Petkantchin<sup>166</sup> is egter van mening dat dit wil voorkom dat die verminderde gebruik van versadigde vette plaasvind ongeag die belasting daarop en die rede hiervoor is dat die samelewing wel meer gesondheidsbewus word.

Alhoewel die suikerbelasting die gewenste effek op suikerverbruik in Denemarke gehad het, het klein en middelmatige sakeondernemings agteruitgegaan.<sup>167</sup> Die Deense regering het te kenne gegee dat die implementering van hierdie belasting werksverliese tot gevolg gehad het.<sup>168</sup> Die belastingtariewe op produkte word oorgedra na die pryse wat verbruikers moet betaal.<sup>169</sup> In 2012 het Deense verbruikers tot een biljoen Euro meer vir hul voedsel betaal.<sup>170</sup> 'n Ander probleem is die uitermatige verhoging van Denemarke se voedselpryse in vergelyking met dié van ander Europese lande. Met die implementering van *fat tax* in 2011 het die pryse van vette en olies, vleis, melk, kaas en eiers onderskeidelik 3.4, 3.2 en 3.3 keer vermeerder teenoor die pryse in ander Europese lande met die gevolg dat Dene eerder in ander lande soos Duitsland gaan inkopies doen het.<sup>171</sup> Die administratiewe koste wat hierdie belasting terselfdertyd op maatskappye geplaas het, was ook negatief.<sup>172</sup> Die rede hiervoor was dat die administratiewe formaliteit wat met die implementering van suikerbelasting gepaardgaan, baie kompleks is omdat die berekening van die hoeveelheid versadigde vette in sommige produkte moeilik is.<sup>173</sup>

---

<sup>164</sup> Petkantchin "Nutrition taxes: The costs of Denmark's fat tax" 2013 *IEM* 4.

<sup>165</sup> ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 177.

<sup>166</sup> Petkantchin "Nutrition taxes: The costs of Denmark's fat tax" 2013 *IEM* 4.

<sup>167</sup> Petkantchin "Nutrition taxes: The costs of Denmark's fat tax" 2013 *IEM* 2.

<sup>168</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 10.

<sup>169</sup> Jensen en Smed "The Danish tax on saturated fat: Short run effects on consumption and consumer prices of fats" 2012 *FOI Working Paper* 2.

<sup>170</sup> Petkantchin "Nutrition taxes: The costs of Denmark's fat tax" 2013 *IEM* 1.

<sup>171</sup> Petkantchin "Nutrition taxes: The costs of Denmark's fat tax" 2013 *IEM* 3.

<sup>172</sup> ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 177.

<sup>173</sup> Petkantchin "Nutrition taxes: The costs of Denmark's fat tax" 2013 *IEM* 2.

## **4.4 Frankryk**

### **4.4.1 Agtergrond**

In 2011 het die Franse regering aangekondig dat hulle van plan was om suikerversoete drankies te belas en sodoende 'n gedragsverandering teweeg wou bring.<sup>174</sup> Frankryk se rede vir die implementering van suikerbelasting was weens die 6,5% verhoging van vetsug in Frankryk in die tydperk van 1997 tot 2009.<sup>175</sup> Hulle het ook besluit om drankies wat *aspartame*<sup>176</sup> bevat terselfdertyd te belas; hierdie belasting sou ten doel hê om belasting in te vorder.<sup>177</sup> Beide hierdie belastings het in werking getree in 2012 en die produkte wat deur hierdie belasting geaffekteer is, was suikerversoete drankies.<sup>178</sup>

### **4.4.2 Die implementering van suikerbelasting**

Sedert 2012 het Frankryk alle produkte wat bygevoegde suiker bevat asook produkte wat kunsmatige suiker bevat, belas teen € 0,07 per liter en energiedrankies teen € 0,50 per liter.<sup>179</sup> Hierdie belasting is kragtens artikel 1613 van die *French General Tax Code* geïmplementeer.<sup>180</sup> Hierdie belasting is betaal deur die vervaardigers van suikerversoete drankies en die invoerders daarvan.<sup>181</sup> Die belasting wat ingevorder word deur sondebelaasting word sedert 2013 bestee op sosiale sekuriteit.<sup>182</sup>

---

<sup>174</sup> Anon "Taxing sweetened drinks in France" 2015 *Case study: Taxing of sweetened drinks in France* 1.

<sup>175</sup> Anon "Taxing sweetened drinks in France" 2015 *Case study: Taxing of sweetened drinks in France* 1.

<sup>176</sup> Anon "Taxing sweetened drinks in France" 2015 *Case study: Taxing of sweetened drinks in France* 1.

<sup>177</sup> Anon "Taxing sweetened drinks in France" 2015 *Case study: Taxing of sweetened drinks in France* 1.

<sup>178</sup> ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 204.

<sup>179</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 30.

<sup>180</sup> Anon "Taxing sweetened drinks in France" 2015 *Case study: Taxing of sweetened drinks in France* 1.

<sup>181</sup> Capacci ea "The impact of the French soda tax on prices, purchases and tastes: an ex post evaluation" 2016 *INRA for France and the Ministry of Education, University and Research for Italy* 2.

<sup>182</sup> Anon "Taxing sweetened drinks in France" 2015 *Case study: Taxing of sweetened drinks in France* 2.

#### **4.4.3 Gevolge van die implementering van suikerbelasting**

Suikerbelasting het die verbruik van suikerversoete drankies verskuif na drankies wat geen suiker bevat nie.<sup>183</sup> Na die implementering van hierdie belasting in Frankryk het die verkoop van niealkoholiese drankies met 3.3% in supermarkte afgeneem.<sup>184</sup> Daar was in Frankryk gevind dat groot vervaardigingsmaatskappye, wat verskeie produkte vervaardig, hul verpligting om suikerbelasting te betaal op suikerversoete drankies eerder op 100% suiwer vrugtesappe en dieet drankies geplaas het sodat die pryse van suikerversoete drankies nie toeneem nie.<sup>185</sup>

#### **4.5 Gevolgtrekking**

Die primêre doel in terme van die implementering van suikerbelasting in Mexiko, Denemarke en Frankryk was om gesondheid in hierdie lande te verbeter. Elk van hierdie lande se ervaring met die implementering van suikerbelasting is uiteenlopend. In Mexiko is suikerbelasting nie lank genoeg geïmplementeer om definitief was te stel of dit die voorkoms van vetsug wel verminder nie, maar tot dusver is hul ervaring daarvan positief. In Denemarke was die ervaring van suikerbelasting die teenoorgestelde van Mexiko; dit het sulke negatiewe gevolge gehad dat die Deense regering besluit het om dit af te skaf. Frankryk se ervaring was dat drankies wat nie onderworpe aan suikerbelasting was nie, duurder geword het, terwyl drankies wat wel onderworpe was aan suikerbelasting se prys dieselfde gebly het. Die gevolg is dan dat suikerbelasting moontlik geen uitwerking op die voorkoming van vetsug gaan hê nie. In my opinie is die resultate te onsamehangend om tot 'n definitiewe gevolgtrekking te kom dat voedselbelasting wel die voorkoms van vetsug verminder. Die Suid-Afrikaanse regering moet al die probleme wat met die implementering van

---

<sup>183</sup> Capacci ea "The impact of the French soda tax on prices, purchases and tastes: an ex post evaluation" 2016 *INRA for France and the Ministry of Education, University and Research for Italy* 11.

<sup>184</sup> Pan American Health Organization *Taxes on sugar-sweetened beverages as a public health strategy: The experience of Mexico* (2015) 30.

<sup>185</sup> Capacci ea "The impact of the French soda tax on prices, purchases and tastes: an ex post evaluation" 2016 *INRA for France and the Ministry of Education, University and Research for Italy* 10.

suikerbelasting gepaardgaan, krities oorweeg, want na my mening toon die internasionale implementering daarvan geen definitiewe resultate nie.

# HOOFSTUK 5

## PROBLEEM MET DIE IMPLEMENTERING

### VAN SUIKERBELASTING

---

#### **5.1 Inleiding**

Die gevolge van suikerbelasting is debatteerbaar weens verskeie vroeë aangaande die effektiwiteit daarvan omdat hierdie belasting selde die bedoelde effek het.<sup>186</sup> Volgens HEALA<sup>187</sup> gaan verskeie industrieë wat deur suikerbelasting benadeel word hierdie belasting kritiseer en hul argumente moet daarom waaksaam hanteer word. In hierdie hoofstuk word daar na die argumente teen suikerbelasting gekyk en die volgende onderwerpe word onderskeidelik bespreek: die internasionale ervaring met voedselbelasting, die opinies van die Suid-Afrikaanse suikerindustrie en die niealkoholiese drankie-industrie en kritiek teen die implementering van suikerbelasting.

#### **5.2 Internasionale ervaring met voedselbelasting**

Die belastingtariewe op voedsel verskil in elke land wat voedselbelasting implementeer.<sup>188</sup> Internasionaal het die implementering van suikerbelasting gemengde resultate opgelewer en dit is selfs in sommige lande gestaak; huis daarom moet Suid-Afrika alle moontlike gevolge van hierdie belasting ondersoek.<sup>189</sup>

Daar is bewyse dat die implementering van voedselbelasting in verskillende lande verskillende resultate getoon het in terme van openbare gesondheidskwessies en belastingvoordele.<sup>190</sup> Die internasionale implementering van suikerbelasting het die

---

<sup>186</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 11.

<sup>187</sup> HEALA "Preventing obesity in South Africa" 2016 *Fact Sheet* 3.

<sup>188</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 7.

<sup>189</sup> Armstrong, Fourie en Rich "The impact of a sugar tax on SSBs on the prevalence of obesity" 2016 *Econex* 1.

<sup>190</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 11.

gevolg gehad dat suikerinnname verminder het en openbare gesondheid verbeter het, maar van die verskeie meganisme wat geïmplementeer kan word om die voorkoms van vetsug te verminder, is daar gevind dat suikerbelasting die minste effektiel was.<sup>191</sup>

Oor die algemeen is daar gevind dat Europese lande wat voedselbelasting geïmplementeer het, geen merkwaardige impak gevind het op die indiensneming, produktiwiteit, belegging en handel van die lande nie.<sup>192</sup> Alhoewel suikerbelasting deur verskeie internasionale lande geïmplementeer is, bestaan daar geen bewyse dat suikerbelasting gehelp het om die voorkoms van vetsug te verminder nie.<sup>193</sup> Al is daar reeds bewyse oor die effek van suikerbelasting op gesondheid, is daar steeds 'n gaping in die kennis daaromtrent, asook onsekerheid oor die impak daarvan.<sup>194</sup>

### **5.3 Die implementering van suikerbelasting in Suid-Afrika**

Behalwe vir die voordele, hou die implementering van suikerbelasting ook negatiewe gevolge vir Suid-Afrika in en is hierdie belasting 'n ernstige bedreiging vir die Suid-Afrikaanse suikerindustrie en ekonomie.<sup>195</sup> Volgens Naidoo en Sheiman<sup>196</sup> is die staat net op soek na maklike maniere om die gesondheidsprobleme in Suid-Afrika te hanteer en is hierdie oplossings nie effektiel nie. Volgens hulle sal die implementering van suikerbelasting in Suid-Afrika slegs 'n finansiële las op Suid-Afrikaners plaas.<sup>197</sup> Die implementering van hierdie belasting gaan 'n direkte invloed hê op die Suid-Afrikaanse suiker- en niealkoholiese drankie-industrieë. Daarom word teenkanting deur die suiker- en niealkoholiese drankie-industrieë verwag, veral omdat Mexiko reeds van mening is dat die niealkoholiese drankie-industrie, wat maatskappye soos Coca-Cola insluit, 'n verenigde front teen suikerbelasting gevorm het. Argumente teen suikerbelasting kan soos volg opgesom word: dit is diskriminerend omdat dit net van

<sup>191</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 7; Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 3.

<sup>192</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 11.

<sup>193</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 3.

<sup>194</sup> Cornelsen en Carreido "Health-Related Taxes on Foods and Beverages" 2015 *Food Research Collaboration* 17.

<sup>195</sup> Phillips "Mooted sugar tax is bitter news for industry" 2016 *Famer's Weekly* 37.

<sup>196</sup> Naidoo en Sheiham "Sugar leaves a bitter taste" 2014 *SADJ* 346.

<sup>197</sup> Naidoo en Sheiham "Sugar leaves a bitter taste" 2014 *SADJ* 346.

toepassing is op suikerversoete drankies en nie op ander suikerprodukte, byvoorbeeld lekkernye nie; dit is oneffektief omdat dit nie die voorkoms van vetsug verminder nie; dit is onregverdig omdat dit net die niealkoholiese drankie-industrie teiken; en dit is die oorsaak van werksverliese omdat klein vervaardigers van suikerversoete drankies hul deure sal moet sluit omdat hulle nie die belasting kan bydra nie.<sup>198</sup> Vervolgens word die Suid-Afrikaanse suiker- en die niealkoholiese drankie-industrieë se besware teen suikerbelasting bespreek.

### **5.3.1 Die Suid-Afrikaanse suikerindustrie**

Suikerhandel is wêreldwyd een van die grootste markte.<sup>199</sup> Volgens Trikam<sup>200</sup> gaan die implementering van suikerbelasting vernietigende gevolge vir die Suid-Afrikaanse industrie inhoud. In Suid-Afrika speel die suikerindustrie 'n sleutelrol in die ekonomie deur werkverskaffing en produksie.<sup>201</sup> Die belangrikste bydrae deur die suikerindustrie is volhoubare sosio-ekonomiese ontwikkeling en die verskaffing van werk in landelike gebiede.<sup>202</sup> Trikam is van mening dat werksverliese in hierdie industrie onvermydelik is en dat een miljoen mense afhanklik is van werk in die suikerindustrie.<sup>203</sup> Ongeveer 85 000 werksgeleenthede word deur die Suid-Afrikaanse suikerindustrie verskaf en omtrent een miljoen mense is afhanklik van die suikerindustrie.<sup>204</sup> Indiensneming in die suikerindustrie neem verskeie vorme aan, van plaaswerkers wat die suikerriet sny tot indiensneming by suikermeulens en landbouwetenskaplikes.<sup>205</sup> Suikerrietboerdery vorm dus 'n belangrike deel van Suid-Afrika se landbousektor.<sup>206</sup>

---

<sup>198</sup> Mytton, Clarke en Rayner "Taxing unhealthy food and drinks to improve health" 2012 *British Medical Journal* 344; Lavin en Timpson "Exploring the Acceptability of a Tax on Sugar-Sweetened Beverages" 2013 *CHP Liverpool John Moores University* 12.

<sup>199</sup> Naidoo en Sheiham "Sugar leaves a bitter taste" 2014 *SADJ* 347.

<sup>200</sup> Phillips "Mooted sugar tax is bitter news for industry" 2016 *Famer's Weekly* 36.

<sup>201</sup> McDonald S, Punt C en Leaver R "Trade Liberalisation, Efficiency and South Africa's Sugar Industry" 2004 *Sheffield Economic Research Paper Series* 3.

<sup>202</sup> SASSA *South African Sugar Industry Directory* 2013-2014 3.

<sup>203</sup> Drimie en Pareire *Advances in Food Security and Sustainability* (2016) 37.

<sup>204</sup> Deressa, Hassan en Poonyth "Measuring the impact of climate change on South African agriculture: The case of sugarcane growing regions" 2005 *Agrekon* 525.

<sup>205</sup> SASSA *South African Sugar Industry Directory* 2013-2014 3.

<sup>206</sup> Deressa, Hassan en Poonyth "Measuring the impact of climate change on South African agriculture: The case of sugarcane growing regions" 2005 *Agrekon* 525.

Een van die probleme wat die industrie ervaar, is die negatiewe impak van klimaatsverandering op die suikerindustrie.<sup>207</sup> Die suikerindustrie het terugslae ervaar met die onlangse droogte en dit word geïllustreer in die beskadiging van grond en die tekort aan vars water in die land.<sup>208</sup> Boere het baie skuld aangegaan om die droogte te oorkom. Indien suikerbelasting geïmplementeer word, gaan alternatiewe produkte gebruik word om suikerversoete drankies te versoet, met die gevolg dat die aanvraag na suiker gaan daal. Boere gaan 'n verlies aan inkomste ervaar en met baie boere wat nog uitstaande skuld het, is dit geen wonder dat Phillips<sup>209</sup> sy artikel getitel het dat suikerbelasting bitter nuus vir die suikerindustrie is nie.

### **5.3.2 Die Suid-Afrikaanse niealkoholiese drankie-industrie**

Die Suid-Afrikaanse niealkoholiese drankie-industrie sluit die vervaardigers van verskeie produkte soos vrugtesap, energiedrankies, gaskoeldrank, gebottelde water en ystee in.<sup>210</sup> Die niealkoholiese drankie-industrie is dus die vervaardigers van suikerversoete drankies. Hierdie industrie maak 'n groot bydrae tot die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Hierdie industrie het tot R60 biljoen van die land se bruto binnelandse produk in 2015 bygedra en is verantwoordelik vir die skep van 294 000 werkgeleenthede in Suid-Afrika.<sup>211</sup> In 2015 was R18 biljoen van Suid-Afrika se direkte en indirekte belasting afkomstig van die niealkoholiese drankie-industrie.<sup>212</sup> Die rede waarom hierdie industrie so groot is, en steeds groei, is weens die beskikbaarheid en bekostigbaarheid van hierdie produkte.<sup>213</sup> Die niealkoholiese drankie-industrie maak 'n groot bydrae tot

---

<sup>207</sup> Deressa, Hassan en Poonyth "Measuring the impact of climate change on South African agriculture: The case of sugarcane growing regions" 2005 *Agrekon* 525.

<sup>208</sup> Phillips "Mooted sugar tax is bitter news for industry" 2016 *Famer's Weekly* 36; Drimie en Pareire *Advances in Food Security and Sustainability* (2016) 36.

<sup>209</sup> Phillips "Mooted sugar tax is bitter news for industry" 2016 *Famer's Weekly* 36.

<sup>210</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 7.

<sup>211</sup> Statistics South Africa *Food and Beverages (Preliminary)* 2016 <http://www.statssa.gov.za/publications/P6420/P6420January2016.pdf>; Sien ook Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 2, 4 en 6.

<sup>212</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 4.

<sup>213</sup> Baloyi "Proposed 'sin' tax on sugar sweetened beverages" 2016 *Werkmans Legal Brief* 2.

kleinskaalse boere, kleinbesigheidseienaars en entrepreneurs deur die verskaffing van hul goedere en dienste.<sup>214</sup>

Met die implementering van suikerbelasting kan hierdie industrie se persoonlike inkomstebelasting met R1.3 biljoen daal, maatskappybelasting kan daal met R1.1 biljoen en BTW kan verminder word met R0.8 biljoen.<sup>215</sup> Die vraag ontstaan waarom suikerbelasting hierdie ekonomiese effek gaan hê.

Die rede hiervoor is eenvoudig: anders as in die geval van alkohol en tabak, gaan verbruikers vinnig plaasvervangers kry vir suikerversoete drankies indien die pryse daarvan vir hulle te duur is.<sup>216</sup> Verbruikers sal eerder suikerversoete drankies vir alkoholiese drankies verruil of bloot net goedkoper produkte koop.<sup>217</sup> Suikerbelasting kan veroorsaak dat die verkoop van suikerversoete drankies afneem met 33% en dit kan daartoe lei dat hierdie industrie se inkomste met 23% val, gelykstaande aan R13 biljoen.<sup>218</sup>

Volgens Coca-Cola sal die implementering van suikerbelasting ook onsekerheid veroorsaak en toekomstige beleggings in die land bedreig.<sup>219</sup> Met die implementering van hierdie belasting kan dit veroorsaak dat buitelandse beleggers nie in Suid-Afrika wil belê nie en dit kan lei tot 'n verdere kredietafgradering.<sup>220</sup> Coca-Cola is van mening dat hulle een van die min maatskappye is wat nog steeds bereid is om in Suid-Afrika,

---

<sup>214</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 4.

<sup>215</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 13.

<sup>216</sup> The Beverage Association of South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *BEVSA* 10.

<sup>217</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 12.

<sup>218</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 10.

<sup>219</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 5.

<sup>220</sup> The Beverage Association of South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *BEVSA* 3. In April 2017 is Suid-Afrika se staatskuld tot onder beleggingsgraad afgegradeer, die impak hiervan is dat Suid-Afrika meer gaan betaal vir sy toekomstige skuld en dat buitelandse beleggers nie meer in Suid-Afrika gaan belê nie; Jansen *Alles wat jy wil en moet weet van SA se rommelstatus* 2017 <http://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/alles-wat-jy-wil-en-moet-weet-van-sa-se-rommelstatus/>.

in die huidige ekonomiese klimaat, te belê.<sup>221</sup> Hulle is van plan om R1.9 biljoen in Suid-Afrika te belê, onderskeidelik in die landboubedryf en in die kleinhandel.<sup>222</sup> HEALA<sup>223</sup> argumenteer egter dat Coca-Cola besig is om 'n taktiek te gebruik om suikerbelasting te diskrediteer omrede hierdie maatskappy dieselfde gedoen het toe Mexiko die implementering van hierdie belasting oorweeg het.

## **5.4 Ander kritiek teen die implementering van suikerbelasting**

Daar moet in gedagte gehou word dat, behalwe net om produkte soeter te maak, daar ook ander redes is waarom suiker by produkte gevoeg word, byvoorbeeld om die tekstuur, volume en preservering van voedsel te verander.<sup>224</sup> Daar is verskeie argumente teen die implementering van suikerbelasting wat, onder andere, insluit dat dit regressief en onregverdig is, dat dit nie geneig is om die regering se belasting te verhoog nie en dat dit oneffektief is.<sup>225</sup>

### **5.4.1 Regressie**

Die belasting op sekere voedselsoorte is baie ongewild omdat hierdie tipe belasting erg regressief van aard is. Die rede hiervoor is dat individue van laerinkomstegroepe 'n groter deel van hul inkomste bestee om hierdie belaste voedselprodukte te koop.<sup>226</sup> Die gevolg is dat hierdie individue armer word omdat hierdie voedselprodukte duurder word as gevolg van die belasting daarop.<sup>227</sup>

Met die implementering van suikerbelasting moet klem daarop gelê word dat die belasting nie die voedselpryse tot so 'n mate verhoog dat sosio-ekonomiese

---

<sup>221</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa 4*.

<sup>222</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa 5*.

<sup>223</sup> HEALA "Preventing obesity in South Africa" 2016 *Fact Sheet 3*.

<sup>224</sup> Cornelsen en Carreido "Health-Related Taxes on Foods and Beverages" 2015 *Food Research Collaboration 9*.

<sup>225</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR 8*.

<sup>226</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief 2*.

<sup>227</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa 9*.

ongelykhede ook toeneem nie.<sup>228</sup> Die nasionale tesourie is egter bewus van die regressiewe aard van suikerbelasting en hul reaksie daarop was soos volg:

Measuring tax regressivity only focuses on tax payments made and do not consider the benefits to the same lower income households as a result of implementing the price policy. When the goal of the tax is to reduce the consumption of unhealthy 'foods', regressivity is minimized when the low-income group purchases less of the unhealthy item, thereby potentially improving health outcomes.<sup>229</sup>

#### **5.4.2 Die effek wat suikerbelasting het op die dieet van individue**

Die voedselindustrie is sterk van mening dat voedselbelasting onnodig is.<sup>230</sup> Vetsug word hoofsaaklik veroorsaak deur 'n hoë inname van kalorieë, maar in Suid-Afrika is daar gevind dat suikerversoete drankies net tot 3% van individue se daaglikse kalorie-inname bydra.<sup>231</sup> Volgens Lavin en Timpson<sup>232</sup> moet die dryfkrag wat veroorsaak dat individue suikerversoete drankies koop, verstaan word, voordat effektiewe intervensies geskep kan word om die inname daarvan te verminder. Hierdie dryfkrag sluit psigologiese faktore in – mense is geneig om uit gewoonte suikerversoete drankies te koop – asook sosiale faktore – die hoogste inname van suikerversoete drankies vind in die aand plaas wanneer individue eet en drink.<sup>233</sup> Beskikbaarheid en pryse is dus nie die enigste dryfkragte agter die koop van suikerversoete drankies nie en die regering moet ook hierdie psigologiese en sosiale faktore oorweeg.

---

<sup>228</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 8.

<sup>229</sup> National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 10; Sien ook Brownell ea "The Public Health and Economic Benefits of Taxing Sugar- Sweetened Beverages" 2009 *The New England Journal of Medicine*; Pomeranz "Taxing Food and Beverage Products: A Public Health Perspective and a New Strategy for Prevention" 2013 *University of Michigan of Law Reform*.

<sup>230</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 1.

<sup>231</sup> The Beverage Association of South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *BEVSA* 2.

<sup>232</sup> Lavin en Timpson "Exploring the Acceptability of a Tax on Sugar-Sweetened Beverages" 2013 *CHP Liverpool John Moores University* 5.

<sup>233</sup> Lavin en Timpson "Exploring the Acceptability of a Tax on Sugar-Sweetened Beverages" 2013 *CHP Liverpool John Moores University* 6.

Daar is twyfel oor die impak wat suikerbelasting werklik op 'n individu se liggaamsmassaindeks gaan hê.<sup>234</sup> Volgens Bonnet en Réquillart<sup>235</sup> is die data aangaande die verbruik van suikerversoete drankies onakkuraat omdat hierdie data dikwels gebaseer is op die verbruikshoeveelheid van 'n huisgesin en individuele verbruik word bereken deur die huisgesin se verkope te verdeel deur die hoeveelheid individue in die huisgesin. Daarom het hulle<sup>236</sup> die individuele impak van suikerbelasting op die verbruik van suikerversoete drankies ondersoek deur tussen individue te onderskei op grond van hul individuele eienskappe, soos ouderdom, geslag en liggaamsmassa-inhoud. Bonnet en Réquillart<sup>237</sup> het gevind dat soos individue se liggaamsmassa toeneem, so neem hul verbruik van suikerversoete drankies ook toe, en het tot die gevolgtrekking gekom dat die vervanging van een suikerproduk met 'n ander beperk moet word.

Fitts en Vader<sup>238</sup> is van mening dat navorsing nie die teorie ondersteun dat suikerbelasting op suikerversoete drankies noodwendig 'n positiewe impak op 'n individu se liggaamsmassaindeks gaan hê nie. Suikerbelasting op suikerversoete drankies sal nie 'n betekenisvolle impak hê nie omdat die suiker in suikerversoete drankies net 'n klein hoeveelheid van individue se daaglikse kalorie-inname uitmaak.<sup>239</sup> Voedselsoorte soos groenteolie (wat voorkom in margarine en voedsel wat in diepvet gaar gemaak word) asook ontbytpap is die grootste bydrae tot kalorie-inname, met groenteolie wat 105 kalorieë per dag bydra en ontbytpap wat 51 kalorieë per dag bydra.<sup>240</sup>

---

<sup>234</sup> Armstrong, Fourie en Rich "The impact of a sugar tax on SSBs on the prevalence of obesity" 2016 *Econex* 2.

<sup>235</sup> Bonnet en Réquillart "The effects of taxation on the individual consumption of sugar-sweetened beverages" 2016 *Toulouse School of Economics* 3.

<sup>236</sup> Bonnet en Réquillart "The effects of taxation on the individual consumption of sugar-sweetened beverages" 2016 *Toulouse School of Economics* 3.

<sup>237</sup> Bonnet en Réquillart "The effects of taxation on the individual consumption of sugar-sweetened beverages" 2016 *Toulouse School of Economics* 12 en 17.

<sup>238</sup> Fitts en Vader "The Effect of Lande Level Soda Tax on Adult Obesity" 2013 *The Evans School Review* 74.

<sup>239</sup> Fitts en Vader "The Effect of Lande Level Soda Tax on Adult Obesity" 2013 *The Evans School Review* 76.

<sup>240</sup> The Beverage Association of South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *BEVSA* 2.

Omdat vetsug 'n ernstige en komplekse probleem is, word samewerking vereis om die probleem op te los.<sup>241</sup> Die tesourie moet in gedagte hou dat die implementering van suikerbelasting alleen nie die gesondheidsprobleme wat deur suikerprodukte veroorsaak word, sal oplos nie.<sup>242</sup> Die impak van vetsug word nie deur een enkele oplossing omgekeer nie; net 'n omvattende, sistematiese program met baie intervensie sal op die lang duur 'n oplossing bied.<sup>243</sup> Daarom het die voedselindustrie onderneem dat hulle kompromieë sal aangaan, byvoorbeeld om hul produkte te herformuleer, eerder as om suikerbelasting te betaal.<sup>244</sup>

Die tesourie word aangeraai om die beoogde suikerbelasting te staak en eerder saam met die industrie te werk om 'n meer effektiewe benadering te ontwikkel om vetsug te bekamp en terselfdertyd ekonomiese groei te bevorder.<sup>245</sup> Omdat die suikerbelasting geïmplementeer word op die hoeveelheid suiker wat in suikerversoete drankies voorkom, kan hierdie belasting die gevolg hê dat die inhoud van suikerversoete drankies geherformuleer word.<sup>246</sup> Die Coca-Cola-maatskappy<sup>247</sup> is van mening dat hulle in samewerking met die regering en die niealkoholiese drankie-industrie kan help om die regering se voorgestelde kalorie-inname te verminder, terwyl individue in die industrie asook die gemeenskap se huidige lewenstyl gehandhaaf word.

---

<sup>241</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa 3*.

<sup>242</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief 1*.

<sup>243</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa 7*.

<sup>244</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief 1*.

<sup>245</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa 3*.

<sup>246</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief 15*.

<sup>247</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa 3*.

### **5.4.3 Werksverliese**

Volgens Cosatu<sup>248</sup> se Parks is die grootste bekommernis aangaande die implementering van suikerbelasting die moontlike werksverliese wat dit tot gevolg kan hê.<sup>249</sup> Indien suikerbelasting geïmplementeer word, is die vervaardigers van suikerprodukte verplig vir die betaling daarvan. Die gevolg hiervan is dat werksverliese onvermydelik is.<sup>250</sup> Statistiek toon dat die belasting op suikerversoete drankies kan veroorsaak dat tussen 62 000 en 72 000 individue hul werk kan verloor.<sup>251</sup> Daar word ook voorspel dat tussen 8 000 en 13 000 kleinbesighede gedwing gaan word om hul deure te sluit.<sup>252</sup> Die rede hiervoor is dat kleiner vervaardigers van suikerversoete drankies nie noodwendig finansieel in staat sal wees om hul produkte te herformuleer of in kleiner verpakkings te verpak sodat die belasting daarop minder is nie.<sup>253</sup> Die tesourie word versoek om 'n langer tydperk te verleen voordat suikerbelasting in werking tree, sodat daar intussen meer navorsing gedoen kan word oor die impak wat suikerbelasting op werkgeleenthede gaan hê.<sup>254</sup>

## **5.5 Die ekonomiese effek**

Suikerbelasting is voorgestel met die doel om die inname van suikerversoete drankies te verminder.<sup>255</sup> Daar is egter ernstige kommer oor die moontlikheid dat belasting op suikerversoete drankies die Suid-Afrikaanse ekonomie kan skade aandoen.<sup>256</sup> Volgens

---

<sup>248</sup> COSATU staan vir "Congress of South African Trade Unions" en is 'n Suid-Afrikaanse vakbond gestig in Desember 1985; die vakbond streeve na 'n nie-rassige, geslagsgelyke en demokratiese Suid-Afrika; COSATU *Brief history of COSATU* 2017 <http://www.cosatu.org.za/show.php?ID=925>.

<sup>249</sup> Cullinan *Sugar tax: Thousands could lose their jobs, says Cosatu* 2017 <http://www.health24.com/Diet-and-nutrition/News/sugar-tax-thousands-could-lose-their-jobs-says-cosatu-20170214>.

<sup>250</sup> Phillips "Mooted sugar tax is bitter news for industry" 2016 *Famer's Weekly* 36.

<sup>251</sup> The Beverage Association of South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *BEVSA* 11.

<sup>252</sup> The Beverage Association of South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *BEVSA* 11.

<sup>253</sup> Van Rensburg *Sugar tax: Reformulation games begin* 2017 <http://www.fin24.com/Economy/reformulation-games-20170319-2>.

<sup>254</sup> Cullinan *Sugar tax: Thousands could lose their jobs, says Cosatu* 2017 <http://www.health24.com/Diet-and-nutrition/News/sugar-tax-thousands-could-lose-their-jobs-says-cosatu-20170214>.

<sup>255</sup> Schwendicke en Stolpe "Taxing sugar-sweetened beverages: impact on overweight and obesity in Germany" 2017 *BMC Public Health* 1.

<sup>256</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 3.

Cosatu se Parks is Suid-Afrika reeds 'n arm nasie wat swaar deurloop onder belasting en moet die tesourie versigtig wees vir oorbelasting.<sup>257</sup> Daar is kommer dat suikerbelasting die Suid-Afrikaanse ekonomie skade kan aandoen in ruil vir minimale tot hoogs onsekere gesondheidsvoordele.<sup>258</sup>

Suikerbelasting het die potensiaal om gesondheidsprobleme te verminder, maar die bewyse oor die effektiwiteit en impak van hierdie belasting is beperk.<sup>259</sup> Daar is ook onsekerheid oor of suikerbelasting volledig oorgedra gaan word op die pryse wat verbruikers betaal.<sup>260</sup> Indien die verskillende internasionale beleide van lande wat suikerbelasting implementeer, ondersoek word, toon dit dat die impak van suikerbelasting op individue se dieet minimaal is.<sup>261</sup>

Die rede waarom vetsug steeds toeneem, al word suikerbelasting geïmplementeer, is weens die sogenaamde "vervangingseffek" (*substitution effect*) wat ontstaan wanneer die pryse van produkte verander.<sup>262</sup> Dit is ongelukkig so dat wanneer die prys van een produk verhoog, 'n soortgelyke goedkoper produk aanlokliker is.<sup>263</sup> Hierdie effek maak verbruikers se reaksie op die verandering in voedselprys moeilik om te bepaal.<sup>264</sup> Die rede hiervoor is dat die vervangingseffek verbruikers se geneigdheid om duurder produkte waarop suikerbelasting van toepassing is te vervang met goedkoper produkte wat steeds suiker bevat.<sup>265</sup> Al is dit relatief maklik om voedselbelasting op sekere produkte te implementeer, sal daar altyd alternatiewe produkte wees waarop

---

<sup>257</sup> Luhanga *Sugar tax will cost jobs – Cosatu* 2017 <http://www.fin24.com/Economy/sugar-tax-will-cost-jobs-cosatu-20170217>.

<sup>258</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 3.

<sup>259</sup> Martin en Wardrop "Mexico evidence of the impact" 2015 *Ministry of Health* 3.

<sup>260</sup> Cornelsen en Carreido "Health-Related Taxes on Foods and Beverages" 2015 *Food Research Collaboration* 15.

<sup>261</sup> Bonnet en Réquillart "The effects of taxation on the individual consumption of sugar-sweetened beverages" 2016 *Toulouse School of Economics* 2.

<sup>262</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief* 15.

<sup>263</sup> Mytton, Clarke en Rayner "Taxing unhealthy food and drinks to improve health" 2012 *British Medical Journal* 344; Lavin en Timpson "Exploring the Acceptability of a Tax on Sugar-Sweetened Beverages" 2013 *CHP Liverpool John Moores University* 11.

<sup>264</sup> Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 10.

<sup>265</sup> Ajjaji en Ong *The Sugar Tax in Holland* (Bachelor Thesis, University of Utrecht, 2015) 15.

daar nie belasting is nie, maar wat dieselfde hoeveelheid suiker bevat.<sup>266</sup> Dit is daarom belangrik dat indien die tesourie suikerbelasting wil implementeer om sodoende verbruik te verminder, hierdie belasting verskeie produkte moet insluit, sodat die vervangingseffek nie kan plaasvind nie.

## **5.6 Ander oplossings as suikerbelasting wat aanbeveel word**

In plaas daarvan om suikerbelasting op suikerversoete drankies te implementeer, moedig Coca-Cola<sup>267</sup> die tesourie aan om saam met die niealkoholiese drankie-industrie te werk om effektiewe maniere te vind om vetsug in die land te verminder sonder dat die ekonomie negatief geaffekteer word. Coca-Cola is van mening dat indien hulle saam met die regering werk, hulle dit kan vermag om dubbel die kalorie-inname wat suikerbelasting probeer beperk, te verminder.<sup>268</sup> Hulle is van plan om dit te doen deur die suikerinhoud van die drankies te herformuleer sodat dit minder *free sugars* bevat; hulle oorweeg ook om die verpakking daarvan kleiner te maak sodat minder suiker ingeneem word.<sup>269</sup>

Vir suikerbelasting om effektief te wees is dit noodsaaklik dat daar 'n groot verskeidenheid gesonde alternatiewe produkte beskikbaar is om suikerversoete drankies te vervang.<sup>270</sup> Indien die regering gaan volhou met sy plan om suikerbelasting te implementeer, is dit noodsaaklik dat daar ook ander maatreëls in plek gestel moet word in die vervaardiging van voedsel.<sup>271</sup> Hierdie ander maatreëls sluit byvoorbeeld in om die produkte se etikette te verbeter sodat persone duidelik ingelig word oor die

---

<sup>266</sup> Cornelsen en Carreido "Health-related taxes on foods and beverages" 2015 *Food Research Collaboration Policy Brief 6*.

<sup>267</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa 3*.

<sup>268</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa 3*.

<sup>269</sup> Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa 5*.

<sup>270</sup> Cornelsen en Carreido "Health-Related Taxes on Foods and Beverages" 2015 *Food Research Collaboration 17*.

<sup>271</sup> Cornelsen en Carreido "Health-Related Taxes on Foods and Beverages" 2015 *Food Research Collaboration 1*.

gevare van suikerversoete drankies, om die produkte te herformuleer en om verbruikers in te lig oor wat hulle eet.<sup>272</sup>

## 5.7 Suikerbelasting in 2017

Ten slotte moet daar opgemerk word dat die tesourie gehoor gegee het aan die kritiek teen suikerbelasting. Die tesourie<sup>273</sup> het die kommentaar wat hulle oor suikerbelasting ontvang het, in ag geneem en besluit om die belasting te hersien. Die nuwe suikerbelastingtarief op suikerversoete drankies is 2.1 sent per gram, wat aansienlik laer is as die beoogde 2.29 sent per gram.<sup>274</sup> Die gevolg hiervan gaan wees dat net vyf van die agt teelepels suiker in 'n 330-ml-blikkie Coca-Cola belas gaan word.<sup>275</sup> Volgens die tesourie<sup>276</sup> sal die verminderde tarief nie so 'n negatiewe impak op werksverliese hê nie. Ongelukkig kan almal nie altyd tevrede gestel word nie – HEALA is baie gekant teen hierdie vermindering van suikerbelasting en het selfs 'n petisie op hul webwerf gestig; hulle argumenteer dat die verminderde tarief nie genoeg is om die voorkoms van vetsug te verminder nie.<sup>277</sup> Die tesourie<sup>278</sup> beoog daarom ook om in die toekoms die uitsluiting van 100% vrugtesap te heroorweeg weens argumente dat hierdie sap suiker bevat wat soortgelyke skade veroorsaak.

## 5.8 Gevolgtrekking

Die vraag ontstaan of die doel die middele regverdig. Die tesourie implementeer suikerbelasting om die land se gesondheidsprobleme weens suiker op te los. Oorgewig en vetsug is 'n groeiende epidemie wat die Suid-Afrikaanse regering nie kan ignoreer nie, maar in die proses ly Suid-Afrika ekonomiese verliese weens die nadele wat met die implementering van suikerbelasting gepaardgaan.

---

<sup>272</sup> Cornelsen en Carreido "Health-Related Taxes on Foods and Beverages" 2015 *Food Research Collaboration* 17.

<sup>273</sup> Peyer *Tax relief: First 4 teaspoons of sugar free* 2017 [http://www.fin24.com/BuECORYS et/tax-relief-first-4-teaspoons-of-sugar-exempted-20170301](http://www.fin24.com/BuECORYS-et/tax-relief-first-4-teaspoons-of-sugar-exempted-20170301).

<sup>274</sup> National Treasury *Tax on Sugary Beverages* 2017 1.

<sup>275</sup> Kahn *Treasury sweetens sugar tax proposal* 2017 <https://www.businesslive.co.za/bd/economy/2017-02-23-treasury-sweetens-sugar-tax-proposal/>.

<sup>276</sup> National Treasury *Tax on Sugary Beverages* 2017 2.

<sup>277</sup> HEALA *About* 2017 <http://heala.org/about/>; Kahn *Treasury sweetens sugar tax proposal* 2017 <https://www.businesslive.co.za/bd/economy/2017-02-23-treasury-sweetens-sugar-tax-proposal/>.

<sup>278</sup> National Treasury *Tax on Sugary Beverages* 2017 2.

Alhoewel internasionale praktyk bewys dat die implementering van suikerbelasting positiewe gevolge gehad het, is ek van mening dat Suid-Afrika homself nie met ontwikkelde lande kan vergelyk nie. In die huidige ekonomiese klimaat kan Suid-Afrika nie werksverliese bekostig nie en moet die land alles in sy vermoë doen om werksverliese te vermy. Daarom, na my mening, regverdig die doel nie die middele nie. Die ekonomiese verliese wat Suid-Afrika in die gesig staar weens werksverliese indien suikerbelasting geïmplementeer word, is baie groter as die verlies wat Suid-Afrika ly weens die voorkoms van vetsug.

## HOOFSTUK 6

### SLOT

---

Die Minister van Finansies het in sy begrotingstoespraak in Februarie 2016 vermeld dat suikerbelasting vanaf 1 April 2017 in Suid-Afrika in werking gaan tree maar het besluit om dit uit te stel tot later die jaar. Die tesourie se rede vir die implementering van suikerbelasting is om, in samewerking met die Departement van Gesondheid, die gesondheidsprobleme wat deur suiker veroorsaak word te verminder. Die implementering van hierdie belasting gaan 'n groot rol in Suid-Afrika speel en van groot belang wees.

Die implementering van suikerbelasting is van belang omdat nieoordraagbare siektes volgens die WGO verantwoordelik was vir 38 miljoen sterftes wêreldwyd in 2012 en 5% van hierdie sterftes is deur die teenwoordigheid van vetsug veroorsaak. Vetsug is 'n groeiende epidemie omdat dit aanleiding gee tot sekere nieoordraagbare siektes soos kanker, diabetes en hartkwale. 'n Verhoogde voorkoms van vetsug veroorsaak uitermatige hoë onkostes vir lande se gesondheidsorgstelsels en plaas 'n ekonomiese las op lande. Die voorkoms van vetsug in Suid-Afrika is kommerwekkend – Suid-Afrika is as die land met die hoogste voorkoms van vetsug in beide volwassenes en kinders in Afrika suid van die Sahara aangewys. Die WGO is van mening dat die hantering van vetsug die voorkoming van gewigstoename, asook die bevordering van gewigsinstandhouding en die aanmoediging van gewigsverlies behels.

Die Suid-Afrikaanse regering het verskeie aanbevelings van die WGO oorweeg en het besluit om suikerbelasting te implementeer. Dit lei egter tot die volgende vraag: Wat gaan die implementering van suikerbelasting in Suid-Afrika behels? Die tesourie beoog dat suikerbelasting deel moet vorm van sondebelaasting en suikerbelasting sal gevolelik geïmplementeer word by wyse van 'n bylaag tot die *Wet op Doeane en Aksynsbelasting*. Suikerbelasting sal egter net van toepassing wees op suikerversoete drankies, wat produkte soos vrugtesap, gaskoeldrank, energiedrankies, gebottelde water en ystee insluit. Volgens die tesourie het 'n Suid-Afrikaanse studie bevind dat

20% belasting op suikerversoete drankies die voorkoms van vetsug in mans met 3.8% en in vroue met 2.4% sal verminder. Belasting op suikerversoete drankies is voordelig, want dit kan vinnige resultate oplewer deurdat vervaardigers die suikerinhoud in suikerversoete drankies kan herformuleer sodat die belasting daarop minder is en ook die verpakking daarvan kleiner kan maak.

Lande soos Frankryk, Mexiko en Denemarke implementeer reeds belasting op sommige voedselsoorte. Vir Suid-Afrika om suikerbelasting suksesvol te implementeer moet daar ondersoek word op watter wyse suikerbelasting internasionaal geïmplementeer word. Mexiko het in 2014 besluit om belasting op suikerversoete drankies te implementeer. Dit was egter tot dusvâr nog nie moontlik om tot 'n definitiewe gevolgtrekking te kom oor die impak van suikerbelasting in Mexiko op die verbruik van suikerversoete drankies en die voorkoms van vetsug nie omrede die belasting nog net vir 'n kort tydperk geïmplementeer is. *Fat tax* het op 1 Oktober 2011 in Denemarke in werking getree. Die Deense regering het te kenne gegee dat die implementering van hierdie belasting nie net werksverliese tot gevolg gehad het, maar ook ander negatiewe gevolge gehad het, wat geleid het tot die staking van hierdie belasting. Frankryk het in 2012 suikerbelasting op suikerversoete drankies geïmplementeer. Daar is in Frankryk gevind dat groot vervaardigingsmaatskappye, wat verskeie produkte vervaardig, hul verpligting om suikerbelasting te betaal op suikerversoete drankies eerder op 100% suiwer vrugtesappe en dieetdrankies geplaas het, sodat die pryse van suikerversoete drankies nie toeneem nie.

Die rol wat suikerbelasting in Suid-Afrika gaan speel, is egter onderhewig aan baie kritiek. Die rede hiervoor is dat die gevolge van suikerbelasting debatteerbaar is weens verskeie vrae aangaande die effektiwiteit daarvan omdat hierdie belasting selde die bedoelde effek het. Behalwe vir die voordele, hou die implementering van suikerbelasting ook negatiewe gevolge vir Suid-Afrika in en is hierdie belasting 'n ernstige bedreiging vir die Suid-Afrikaanse suikerindustrie en ekonomie. In beide die Suid-Afrikaanse suikerindustrie en die niealkoholiese drankie-industrie gaan werksverliese weens suikerbelasting onvermydelik wees. Die implementering van hierdie belasting kan veroorsaak dat buitelandse beleggers nie in Suid-Afrika wil belê nie en dit kan tot 'n verdere kredietafgradering lei. Daar is twyfel oor die impak wat

suikerbelasting werklik op individue se liggaamsmassaindeks gaan hê. Die tesourie moet daarom in gedagte hou dat die implementering van suikerbelasting alleen nie die gesondheidsprobleme wat deur suikerprodukte veroorsaak word, sal oplos nie. Dit is belangrik dat indien die tesourie suikerbelasting wil implementeer om sodoende verbruik te verminder, hierdie belasting verskeie produkte moet insluit, sodat die vervangingseffek nie kan plaasvind nie. In plaas daarvan om suikerbelasting te implementeer op suikerversoete drankies, moedig Coca-Cola die tesourie aan om saam met die niealkoholieuse drankie-industrie te werk om effektiewe maniere te vind om vetsug in die land te verminder sonder dat die ekonomie negatief geaffekteer word.

Daar bestaan geen twyfel dat vetsug, indien dit nie nou hanteer word nie, in die toekoms die moontlikheid het om negatiewe ekonomiese gevolge vir Suid-Afrika te veroorsaak. Dit is daarom nodig dat die Departement van Gesondheid intree en maatreëls in plek stel om hierdie epidemie te voorkom. Suikerbelasting op suikerversoete drankies is, na my mening, 'n goeie idee, maar ek is ook van mening dat dit nie noodwendig die beste manier vir Suid-Afrika is om vetsug te bekamp nie. Die rede hiervoor is dat die hoë inname van suikerversoete drankies nie alleen verantwoordelik gehou kan word vir die vetsugepidemie in Suid-Afrika nie. Na my mening is die grootste rede vir vetsug in Suid-Afrika, soos reeds genoem, kulturele oortuigings dat vetsug met welstand verband hou; daarom moet die regering eerder klem daarop lê om individue bewus te maak van die gevare wat vetsug inhoud. Ek beveel aan dat die regering dit kan doen deur, soos by die verpakking van beide sigarette en alkohol, individue deur middel van 'n duidelike etiket te waarsku dat die inhoud van suikerversoete drankies gevare inhoud. 'n Ander aanbeveling is dat wetgewing geïmplementeer moet word dat kennisgewings wat individue waarsku teen suikerversoete drankies op elke yskas of verkoeler waaruit hierdie drankies verkoop word, geplaas moet word. Ek beveel ook aan dat wetgewing geïmplementeer moet word om, soos in die geval van tabak, die adverting van kitskos onwettig te maak.

Volgens my het die tesourie een van twee opsies: eerstens kan hulle voortgaan om suikerbelasting teen die koers van 11% te implementeer omdat die impak daarvan nie so groot gaan wees op die ekonomie nie; ongelukkig gaan dit egter ook geen verskil

maak ten opsigte van die verhoogde voorkoms van vetsug nie omdat die koers te laag is. Tweedens kan die tesourie gehoor gee aan die niealkoholiese drankie-industrie deur saam met hulle te werk om die suiker in suikerversoete drankies te verminder, met die gevolg dat daar minder werksverliese is en die negatiewe uitwerking van suikerversoete drankies op vetsug verlaag word. Die Departement kan ook daaraan werk om individue bewus te maak van die gevare rakende vetsug wat ander produkte inhoud. Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat dit nie noodwendig suikerbelasting in Suid-Afrika is wat van belang is nie, maar ander maatreëls om die voorkoms van vetsug te verminder, omdat die rol wat suikerbelasting in Suid-Afrika gaan speel oor die lang termyn verwoestende ekonomiese gevolge gaan hê.

## BIBLIOGRAFIE

---

### **Literatuur**

Ajjaji en Ong 2015 *The Sugar Tax in Holland*

Ajjaji F en Ong J *The Sugar Tax in Holland* (Bachelor thesis, University of Utrecht, 2015)

Alaba en Chola 2014 *International Journal of Environmental Research and Public Health*

Alaba O en Chola L "Socioeconomic Inequalities in Adult Obesity Prevalence in South Africa a Decomposition Analysis" 2014 *International Journal of Environmental Research and Public Health* 3387-3406

Anon 2016 *Frontshop*

Anon "Sugar taxes your health more than your pocket" 2016 *Frontshop* 6-7

Anon 2015 *Case study: Taxing of sweetened drinks in France*

Anon "Taxing sweetened drinks in France" 2015 *Case study: Taxing of sweetened drinks in France* 1-3

Armstrong, Fourie en Rich 2016 *Econex*

Armstrong P, Fourie H en Rich E "The impact of a sugar tax on SSBs on the prevalence of obesity" 2016 *Econex* 1-8

Baloyi 2016 *Werkmans Legal Brief*

Baloyi N "Proposed 'sin' tax on sugar sweetened beverages" 2016 *Werkmans Legal Brief* 1-4

Bonnet en Réquillart 2016 *Toulouse School of Economics*

Bonnet C en Réquillart V "The effects of taxation on the individual consumption of sugar-sweetened beverages" 2016 *Toulouse School of Economics* 1-34

Brownell ea 2009 *The New England Journal of Medicine*

Brownell ea "The Public Health and Economic Benefits of Taxing Sugar-Sweetened Beverages" 2009 *The New England Journal of Medicine* 1599-1605

Capacci ea 2016 *INRA for France and the Ministry of Education, University and Research for Italy*

Capacci ea "The impact of the French soda tax on prices, purchases and tastes: an ex post evaluation" 2016 *INRA for France and the Ministry of Education, University and Research for Italy* 1-14

Clark 2012 *Moneyweb's Personal Finance*

Clark J "Increase in 'sin taxes' aimed at reducing abuse-Treasury" 2012 *Moneyweb's Personal Finance* 11

Coca-Cola South Africa 2016 *Coca-Cola South Africa*

Coca-Cola South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *Coca-Cola South Africa* 1-28

Cornelsen en Carreido 2015 *Food Research Collaboration*

Cornelsen L en Carreido A "Health-Related Taxes on Foods and Beverages" 2015 *Food Research Collaboration* 1-23

Department of Health 2015

Department of Health *Strategy for the prevention and control of obesity in South Africa* 2015 1-57

Deressa, Hassan en Poonyth 2005 *Agrekon*

Deressa T, Hassan R en Poonyth D "Measuring the impact of climate change on South African agriculture: The case of sugarcane growing regions" 2005 *Agrekon* 524-542

Drimie en Pareire *Advances in Food Security and Sustainability*

Drimie S en Pareire L *Advances in Food Security and Sustainability* Volume 1 (Academic Press Elsevier London 2016)

ECORYS 2014 *Annexes to the Main report*

ECORYS "Food taxes and their impact on competitiveness in the agri-food sector" 2014 *Annexes to the Main report* 1-244

Evans 2016 *SADJ*

Evans WG "Sugar tax... sweet benefits?" 2016 *SADJ* 292-293

Fairbrother *The Healthcare Burden of Obesity in South Africa: A reflection on the role of government*

Fairbrother AK *The Healthcare Burden of Obesity in South Africa: A reflection on the role of government* (MSc Med (Bioethics & Health Law) Thesis, University of Witwatersrand, 2009)

Fitts en Vader 2013 *The Evans School Review*

Fitts D en Vader A "The Effect of State Level Soda Tax on Adult Obesity" 2013 *The Evans School Review* 74-83

HEALA 2016 *Fact Sheet*

HEALA "Preventing obesity in South Africa" 2016 *Fact Sheet* 1-11

Jensen ea 2014 *EAAE*

Jensen ea "The Danish tax on saturated fat -

Demand effects for meat and dairy products" 2014 *EAAE* 1-13

Jensen en Smed 2012 *FOI Working Paper*

Jensen JD en Smed S "The Danish tax on saturated fat: Short run effects on consumption and consumer prices of fats" 2012 *FOI Working Paper* 1-37

Kruger ea 2005 *Public Health Nutrition*

Kruger ea "Obesity in South Africa: Challenges for government and health professionals" 2005 *Public Health Nutrition* 491-500

Lavin en Timpson 2013 *CHP Liverpool John Moores University*

Lavin R en Timpson H "Exploring the Acceptability of a Tax on Sugar-Sweetened Beverages" 2013 *CHP Liverpool John Moores University* 1-21

Martin en Wardrop 2015 *Ministry of Health*

Martin P en Wardrop J "Mexico evidence of the impact" 2015 *Ministry of Health* 1-6

Matoti-Mvalo en Puoane 2011 *SAJCN*

Matoti-Mvalo T en Puoane T "Perceptions of body size and its association with HIV/AIDS" 2011 *SAJCN* 40-45

McDonald, Punt en Leaver 2004 *Sheffield Economic Research Paper Series*

McDonald S, Punt C en Leaver R "Trade Liberalisation, Efficiency and South Africa's Sugar Industry" 2004 *Sheffield Economic Research Paper Series* 1-28

McCormick 2006 *Obesity Review, 8* 2007

McCormick B "Economic costs of obesity and the case for government intervention" 2006 *Obesity Review, 8* 2007 161-164

Mytton, Clarke en Rayner 2012 *British Medical Journal* 344

Mytton O, Clarke D en Rayner M "Taxing unhealthy food and drinks to improve health" 2012 *British Medical Journal* 344 1-13

Naidoo en Sheiham 2014 *SADJ*

Naidoo S en Sheiham A "Sugar leaves a bitter taste" 2014 *SADJ* 346-347

National Treasury 2016

National Treasury *Pravin Gordhan Minister of Finance Budget Speech* 2016 1-31

National Treasury 2016

National Treasury *Proposed Taxation of Sugar Sweetened Beverages* 2016 1-2

National Treasury 2017

National Treasury *Tax on Sugary Beverages* 2017 1-3

National Treasury 2016

National Treasury *The Taxation of Sugar Sweetened Beverages Policy Paper* 2016 1-30

Nieuwoudt en Nieuwoudt 2014 *Agrekon*

Nieuwoudt TW en Nieuwoudt WL 2014 "Privatising agricultural R&D, an example from the South African sugar industry" 2014 *Agrekon* 228-243

Norman, Bradshaw en Schneider 2007 *South African Medical Journal*

Norman R, Bradshaw D en Schneider M "A comparative risk assessment for South Africa 2000: towards promoting health and preventing disease" 2007 *South African Medical Journal* 637-417

Northern Ireland Assembly 2015 *NAIR*

Northern Ireland Assembly "Taxing sugar sweetened beverages: A comparative perspective" 2015 *NAIR* 1-14

Pan American Health Organization *Taxes on Sugar-sweetened Beverages as a Public Health Strategy: The Experience of Mexico*

Pan American Health Organization *Taxes on Sugar-sweetened Beverages as a Public Health Strategy: The Experience of Mexico* (PAHO HQ Library Cataloguing-in-Publication Data Mexico 2015)

Petkantchin 2013 *IEM*

Petkantchin V "Nutrition taxes: The costs of Denmark's fat tax" 2013 *IEM* 1-4

Phillips 2016 *Famer's Weekly*

Phillips L "Mooted sugar tax is bitter news for industry" 2016 *Famer's Weekly* 36-37

Pomeranz 2013 *University of Michigan of Law Reform*

Pomeranz JL "Taxing Food and Beverage Products: A Public Health Perspective and a New Strategy for Prevention" 2013 *University of Michigan of Law Reform* 999-1027

Powell en Chaloupka 2009 *Milbank Q* 87

Powell LM en Chaloupka FJ "Food prices and obesity: evidence and policy implications for taxes and subsidies" 2009 *Milbank Q* 87 22-257

Prinsloo ea 2010 *SAAFP*

Prinsloo ea "The prevalence and perception of obesity and its association with the lifestyle of women at the Mangaung University Community Partnership Project Healthcare Centre, Bloemfontein" 2010 *SAAFP* 366-372

Retief 2015 *Moneyweb's Tax Breaks*

Retief E "Sugar tax: Essential for South Africa's health?" 2015 *Moneyweb's Tax Breaks* 6-7

SASSA *South African Sugar Industry Directory* 2013-2014

SASSA *South African Sugar Industry Directory* 2013-2014 1-55

Schweitzer en Deutsch *Calorie Wars: Fat, Fact and Fiction*

Schweitzer J en Deutsch L *Calorie Wars: Fat, Fact and Fiction* (Logic House Press Texas 2011)

Schwendicke en Stolpe 2017 *BMC Public Health*

Schwendicke F en Stolpe M "Taxing sugar-sweetened beverages: impact on overweight and obesity in Germany" 2017 *BMC Public Health* 1-8

Smith *The impact of obesity on the psychological well-being of the adolescent learner*

Smith C *The impact of obesity on the psychological well-being of the adolescent learner* (Master of Education thesis, at the University of South Africa, 2008)

Soares 2016 *Bull World Health Organ*

Soares AA "Putting taxes into the diet equation" 2016 *Bull World Health Organ* 239-240

Some, Rashied en Ohonba 2014 *ERSA working paper 475*

Some M, Rashied N en Ohonba A "The impact of obesity on employment in South Africa" 2014 *ERSA working paper 475* 1-36

Stern en Kazaks *Obesity: A Reference Handbook*

Stern J en Kazaks A *Obesity: A Reference Handbook* (ABC-CLIO California 2009)

The Beverage Association of South Africa 2016 *BEVSA*

The Beverage Association of South Africa "Response to taxation of sugar-sweetened beverages policy paper" 2016 *BEVSA* 1-20

*WHO Diet, Nutrition and the Prevention of Chronic Diseases: Report of a Joint WHO/FAO Expert Consultation*

World Health Organisation *Diet, Nutrition and the Prevention of Chronic Diseases: Report of a Joint WHO/FAO Expert Consultation* (WHO Technical Report Series, No. 916. Geneva 2003)

WHO 2006 *Factsheet no 311*

World Health Organisation "Obesity and Overweight" 2006 *Factsheet no 311* 1-3

*WHO Global Action Plan for the Prevention and Control of Noncommunicable Diseases*

World Health Organisation *Global Action Plan for the Prevention and Control of Noncommunicable Diseases* (WHO Document Production Services Geneva 2013)

*WHO Guideline: Sugar Intake for Adults and Children*

World Health Organisation *Guideline: Sugar Intake for Adults and Children* (WHO Document Production Services Geneva 2015)

*WHO Obesity: Preventing and Managing the Global Epidemic*

World Health Organisation *Obesity: Preventing and Managing the Global Epidemic* (WHO Document Production Services Geneva 2000)

*WHO Reducing consumption of sugar-sweetened beverages to reduce the risk of unhealthy weight gain in adults*

World Health Organization *Reducing consumption of sugar-sweetened beverages to reduce the risk of unhealthy weight gain in adults* (WHO Document Production Services Geneva 2014)

## **Internetbronne**

COSATU 2017 <http://www.cosatu.org.za/show.php?ID=925>

COSATU      *Brief history of COSATU*      2017  
<http://www.cosatu.org.za/show.php?ID=925> besoek 29 Julie 2017

Cullinan      2017      <http://www.health24.com/Diet-and-nutrition/News/sugar-tax-thousands-could-lose-their-jobs-says-cosatu-20170214>

Cullinan K *Sugar tax: Thousands could lose their jobs, says Cosatu* 2017  
<http://www.health24.com/Diet-and-nutrition/News/sugar-tax-thousands-could-lose-their-jobs-says-cosatu-20170214> besoek 4 Junie 2017

HEALA 2017 <http://heala.org/about/>

HEALA *About* 2017 <http://heala.org/about/> besoek 28 Mei 2017

Jansen      2017      <http://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/alles-wat-jy-wil-en-moet-weet-van-sa-se-rommelstatus/>

Jansen *Alles wat jy wil en moet weet van SA se rommelstatus* 2017  
<http://maroelamedia.co.za/nuus/sa-nuus/alles-wat-jy-wil-en-moet-weet-van-sa-se-rommelstatus/>

Kahn      2017      <https://www.businesslive.co.za/bd/economy/2017-02-23-treasury-sweetens-sugar-tax-proposal/>

Kahn T *Treasury sweetens sugar tax proposal* 2017  
<https://www.businesslive.co.za/bd/economy/2017-02-23-treasury-sweetens-sugar-tax-proposal/> besoek 4 Junie 2017

Luhanga      2017      <http://www.fin24.com/Economy/sugar-tax-will-cost-jobs-cosatu-20170217>

Luhanga P *Sugar tax will cost jobs – Cosatu* 2017  
<http://www.fin24.com/Economy/sugar-tax-will-cost-jobs-cosatu-20170217>  
besoek 4 Junie 2017

Manyema 2014 <https://doi.org/10.1371/journal.pone.0105287>

Manyema ea *The Potential Impact of a 20% Tax on Sugar-Sweetened Beverages on Obesity in South African Adults: A Mathematical Model* 2014  
<https://doi.org/10.1371/journal.pone.0105287> besoek 4 Junie 2017

Peyper 2017 <http://www.fin24.com/BuECORYS> et/tax-relief-first-4-teaspoons-of-sugar-exempted-20170301

Peyper P *Tax relief: First 4 teaspoons of sugar free* 2017  
<http://www.fin24.com/BuECORYS> et/tax-relief-first-4-teaspoons-of-sugar-exempted-20170301 besoek 4 Junie 2017

Poulsen 2011 <https://www.retsinformation.dk/Forms/R0710.aspx?id=135473>

Poulsen *Skriftlig fremsættelse af loven* 2011  
<https://www.retsinformation.dk/Forms/R0710.aspx?id=135473> besoek 25 Mei 2017

SAID 2017 <http://www.sars.gov.za/ClientSegments/Customs-Excise/Excise/Pages/default.aspx>

SAID *Excise Duties and Levies* 2017  
<http://www.sars.gov.za/ClientSegments/Customs-Excise/Excise/Pages/default.aspx> besoek 12 Maart 2017

Skatteministeren 2011  
[http://www.ft.dk/RIPdf/samling/20101/lovforslag/L111/20101\\_L111\\_som\\_fremsat.pdf](http://www.ft.dk/RIPdf/samling/20101/lovforslag/L111/20101_L111_som_fremsat.pdf)

Skatteministeren *Lovbemærkninger i Forslag til Lov om afgift af mættet fedt i visse fødevarer (Fedtafgiftsloven)* 2011  
[http://www.ft.dk/RIPdf/samling/20101/lovforslag/L111/20101\\_L111\\_som\\_fremsat.pdf](http://www.ft.dk/RIPdf/samling/20101/lovforslag/L111/20101_L111_som_fremsat.pdf) besoek 25 Mei 2017

Smith 2017 <http://www.fin24.com/Budget/BudgetReaction/budget2017-sugar-tax-health-aid-or-budget-band-aid-20170223>

Smith *#Budget2017: Tax on sugary drinks - health aid or budget band aid?* 2017 <http://www.fin24.com/Budget/BudgetReaction/budget2017-sugar-tax-health-aid-or-budget-band-aid-20170223> besoek 4 Junie 2017

Statistics 2016 <http://www.statssa.gov.za/publications/P6420/P6420January2016.pdf> besoek

Statistics South Africa *Food and Beverages (Preliminary)* 2016 <http://www.statssa.gov.za/publications/P6420/P6420January2016.pdf> besoek 29 Augustus 2017

Van Rensburg 2017 <http://www.fin24.com/Economy/reformulation-games-20170319-2>

Van Rensburg D *Sugar tax: Reformulation games begin* 2017 <http://www.fin24.com/Economy/reformulation-games-20170319-2> besoek 4 Junie 2017

WHO 2017 [http://www.who.int/gho/mortality\\_burden\\_disease/daly\\_rates/text/en/](http://www.who.int/gho/mortality_burden_disease/daly_rates/text/en/)  
WHO *Disability-adjusted life years (DALYs)* 2017  
[http://www.who.int/gho/mortality\\_burden\\_disease/daly\\_rates/text/en/](http://www.who.int/gho/mortality_burden_disease/daly_rates/text/en/)  
besoek 13 Augustus 2017

WHO 2017 <http://www.who.int/about/en/>  
World Health Organisation *Who we are, what we do* 2017  
<http://www.who.int/about/en/> besoek 3 Maart 2017

WHO 2016 <http://apps.who.int/iris/bitstream/10665/250303/1/WHO-NMH-PND-16.5-eng.pdf>

World Health Organisation *Taxes on sugary drinks: Why do it?* 2016  
<http://apps.who.int/iris/bitstream/10665/250303/1/WHO-NMH-PND-16.5-eng.pdf> besoek 3 Maart 2017

World Heart Federation 2017 <http://www.worldheart.org/children>

World Heart Federation *Fact sheet: Obesity a growing danger* 2017  
<http://www.worldheart.org/children> besoek 3 Maart 2017

### ***Wetgewing***

*Wet op Doeane en Aksynsbelasting* 91 van 1964